# ’N ABSOLUUT

Dankie, Broer Shakarian. Laat ons bly net staan vir ’n paar oomblikke. Ek’s seker, in ’n gehoor van hierdie grootte, is daar baie versoeke, mense wat siek, behoeftig is, en so kom ons buig ons hoofde net ’n oomblik vir ’n woord van gebed. Hier is baie versoeke wat hier lê, ook, en sakdoeke.

2 Ons Hemelse Vader, ons kom nou in die Naam van die Here Jesus, in hierdie wete, dat U belowe het dat U sal hoor en ons gebede sou beantwoord. En ek vra U om ons genadig te wees, om ons sondes te vergewe. En ons word geleer, in die Skrif, dat: “U al ons sondes vergewe, en al ons siektes genees.” En ons bid, Hemelse Vader, dat dit nou gedoen sal word vanmiddag, omdat ons dit vra in die Naam van die Here Jesus.

3 Op hierdie sakdoeke en versoeke, word ons in die Skrifte geleer, hoedat: “Voorskote en sakdoeke van die liggaam van Paulus geneem is, en bose geeste die mense verlaat het, en hulle genees is.” Nou, U is nog dieselfde Jesus vandag. En baie van ons staan, om te vra dat U hierdie dinge sal gee.

4 Daar is, ongetwyfeld, baie versoeke in die gebou vandag, van soveel mense wat behoeftig is in hierdie uur. Bevredig hulle behoeftes, Here, beide fisies en geestelik, want ons vra dit in Jesus’ Naam. Amen.

Goed. Dankie, broer.

5 Ons het altyd ’n liedjie gesing, jare gelede: “’n Geselsie Met Jesus Maak Dit Reg.” [Leë kol op band—Red.]

6 Nou, ek glo Broer Williams het net so pas hier gesê daar’s ’n ontbyt in die oggend. En nou, ek glo nie ek het ooit gehoor waar volgende jaar gaan wees nie. [’n Broer sê: “Net hier.”—Red.] Weer net—net hier. Weer net—net hier. Wel, daardie selfde plek. Dieselfde plek, dis baie goed. Ja. Dis baie . . .

7 Mense behoort in Jerusalem te aanbid, dis Tucson, nie—nie hieronder nie. Sien? [Gemeente lag—Red.] Nou, julle is daar onder die heuwel. Jérigo is daar onder die heuwel, van Jerusalem af, julle weet. So, dis Jerusalem daaronder. Sien? [Gemeente lag. Dan sê ’n broer: “Ons verwag—verwag ’n groot wonderwerk daar oorkant.”] Het julle dit gehoor?

8 So: “Mense behoort God oral te aanbid,” het Jesus gesê, julle weet. “Nie in Jerusalem, of hier of in hierdie berg nie, maar Hom in Gees en in Waarheid te aanbid.” Dis die hoofsaak: “In Gees en in Waarheid.”

9 Nou, ek, gewoonlik, wanneer ek preek, is ek net so stadig. Ek—ek het Broer Velmer Gardner bewonder, nou die aand, kon

hier opkom en meer insit in vyftien minute as wat ek in drie ure kan insit. Goeiste!

10 Ek—ek weet nie of ek julle hierdie al ooit vertel het, of nie. Toe ek 'n—'n kind was, het ek . . . my pappa was 'n ruiter, julle weet. En hy het altyd perde gery en hulle ingebreek, die rodeo gevolg, geskiet, spesiale skote. En hy . . . Ek het gedink, julle weet, toe ek twaalf jaar oud geword het, ek behoort in my pa se voetspore te volg. So toe hulle die ou perd geploeg het, daarbuite in Indiana, julle weet, dat hy so moeg geword het dat hy skaars kon beweeg. Ek—ek sou my pa kry, wanneer hy die rondte gedoen het met die ploeg, julle weet, ver buite aan die agterkant van die veld. En ek het daar gekom waar hulle 'n ou watertrog gehad het, wat van 'n stomp gemaak was.

11 Hoeveel het ooit een van daardie watertrôe gesien? Man, kyk na die Kentuckiërs wat hierbinne is!

12 So, o, ek het 'n lekker tyd gehad, afgegaan en die perdehare in die water gesit, julle weet, dit sien draai, wat ons noem: "'n perdehaar-slang." Is daardie klein . . . Julle weet, daaraan raak, sou dit beweeg. En die bye . . .

13 Ek sou my broertjies kry en almal, hulle daar langsaan laat sit. En die ou ploegperd vat, julle weet, en sommer vinnig die harnas van hom afpluk, en pa se saal kry, 'n handjievol kankerrose vat en dit onder die saal insit, en die gespe vastrek. Ek sou—ek sou daar opspring. Arme perd, oud en moeg, en hy kon nie sy voete van die grond af kry nie. Hy sou net skree, julle weet. En ek sou daardie hoed rondgooi. Goeiste! Ek het gedink ek was 'n ruiter.

14 En ek het gedink julle almal het my hierbuite nodig, buite in Arizona, julle perde in te breek, julle weet. So, omtrent sewentien, agtien jaar oud, het ek weggeloop, hierbuite rond gekom waar hulle 'n—'n rodeo gehou het. Wel, ek het gedink: "Man, as ek net in daardie rodeo kon kom, sal ek die perde vir hulle ry. Ek sal 'n bietjie geld kan maak."

15 So, ek onthou, die eerste ruiter het uitgekom. Hy het gery op, wat hulle noem . . . Ek glo hulle noem dit: "Die Kansas Outlaw." Hy's 'n yslike groot perd, 'n groot swart kêrel, omtrent sewentien hande hoog. Hy's 'n baie swaar, sterk perd. Ek het gedink: "Wel, as daardie kêrel hom kan ry, kan ek ook." En hierdie beroemde ruiter het daar uitgegaan.

16 En ek het daar gesit op die heining, julle weet, in die kamp waar al hierdie misvormde cowboys, julle weet. Ek was nie so misvorm soos hulle was nie, maar ek het gedink ek was net so 'n goeie ruiter. So hulle . . . Ek het daardie ou ploegperd gery, en hoekom kon ek nie daardie een ry nie?

17 So toe hy uit die hekke gekom het, man, daardie perd kon al vier pote in 'n wasskottel sit. Hy het 'n sonvis en 'n draai daar gedoen, 'n paar keer. En die saal het eenkant toe gegaan, en die

ruiter anderkant toe. En die optellers het die perd gekry, en die ambulans het die ruiter gekry. Ek het geweet dit was nie daardie ou ploegperd wat ek altyd gery het nie.

18 Aankondiger het verbygekom, hy het gesê: "Ek sal enige man," gesê: "vyftig dollar gee." Dit was 'n klomp geld toe. "Vyftig dollar, wat hom kan ry, *so*veel sekondes op hom." En hy . . . Ek—ek het net gebewe. Hy het na my toe gekom en gesê: "Is jy 'n ruiter?"

Ek het gesê: "Nee, meneer."

19 Toe ek die eerste keer gered en georden is, 'n Sending Baptiste kerk, het ek altyd die Bybel rondgedra, julle weet, en ek wou hê iemand moet vir my vra of ek 'n prediker was, julle weet. Maar elke keer, het iemand gesê: "Jy 'n prediker?"

Ek sou sê: "Sekerlik."

20 Eendag was ek oorkant in St. Louis. Ek het pas ons Baptiste broer ontmoet, en ek was oorkant by St. Louis. En ek het 'n kêrel gehoor met die naam van Robert Daugherty. Baie van julle ken hom dalk. En hy was in 'n tentdiens. Hy was 'n Pinksterbroer. Goeiste! Daardie man het gepreek tot hy blou was in die gesig. En hy—hy—hy het net gepreek tot hy inmekaar gesak het. Jy kon hom sy asem hoor skep, twee blokke weg, sonder 'n mikrofoon, ook. En net sy asem skep, en weer opkom, verder preek.

Van toe af, iemand sê: "Jy 'n prediker?"

21 Ek het gesê: "Nee. Ek—ek bid net vir die siekes." [Broer Branham en gemeente lag—Red.]

22 My ou, stadige Baptiste maniere dink nie so vinnig daaraan nie, so verduur my maar net, julle weet. En julle weet dis die Skrif, wat gesê het om "die swakkes te verdra," so dis ek. So ek is dankbaar dat julle dit almal probeer doen het hierdie week, en dit baie goed gedoen het. Tienuur in die aand, wanneer ek veronderstel was om tuis te wees en in die bed, en julle laat buite hou.

23 Maar, regtig, vanmiddag, gaan ek probeer vinnig maak en net uitkom. Ek moet nog ver ry vanmiddag, om weer terug te kan wees in die oggend.

24 En, so, ek—ek waardeer julle egter. En as ek nie 'n kans kry om dit te sê op 'n ander tyd nie, ek dank julle, baie, elkeen, al julle predikers, en julle Christen Sakemanne. So 'n, regtig 'n voorreg, vir julle om my te nooi, en my hiernatoe te laat kom en my klein bydrae te maak vir julle broers. Broer Shakarian, Broer Williams, en al die—die mans. Ek is opreg dankbaar.

25 En hoekom het jy nie "amen" gesê 'n tydjie gelede, Tony, toe ek van Tucson gepraat het nie? Ek het hom nie eers gehoor nie. Dis die beste jagter in Arizona wanneer ek in Indiana is, sien, maar dis nadat ek weg is Indiana toe. Nou die dag sy foto in die koerant gesien? Waar . . . Ons moet dit verander, Tony.

26 So nou, onthou, môre-aand, die banket by . . . saam met Broer Oral Roberts.

27 En, nou, voor ons die Woord benader. Ek—ek sou vanmiddag gepreek het oor *Die Aftelling*. En ek het gedink dat—dat ek sal hier inkom, julle nog hier sou sit teen sewe-uur. O, o, wat die wetenskap in staat was om te doen, en dan wat God in staat was om te doen, julle sien. En so lewe ons in 'n ander eeu as waarin ons altyd gelewe het, beide fisies en geestelik. So ons is—ons is dankbaar vir ons prestasies in die geestelike sfere, net soos die wetenskap is in hulle—in hulle materiële sfere, wetenskaplike sfere. Nou laat ons, as julle nie omgee nie, weer . . .

28 Julle weet, jy mag te veel sing. Ek kan skaars sien dat jy kon, as jy sing soos Broer Outlaw se koor, 'n rukkie gelede, toe ek daarbo gestaan en luister het daarna, hulle wat gegaan het: "Op, op, op, op." En, maar, en weer, mag jy te veel eet. Jy mag te veel drink. Jy mag te veel werk. Maar ek dink nie jy kan te veel bid nie. Die Bybel het gesê: "Ek wil hê dat mense oral moet bid, heilige hande sal oplig." Sien?

So kom ons buig weer ons hoofde, net 'n oomblik.

29 Hemelse Vader, ons—ons hou daarvan om met U te praat. En ek dink aan mans, hoe ek daarvan hou, om te weet dat hulle in die stad is, net om hulle hand te skud en met hulle te praat. Ons het almal daardie gevoelens. En wat 'n groter voorreg is dit om met U te praat, ons Here en ons Verlosser! En ons harte klop, om in mekaar se teenwoordigheid te wees, en dan hoeveel groter is dit om te weet ons is in U Goddelike Teenwoordigheid!

30 En ons weet U is hier, omdat U gesê het: "Waar ook al." Of dit regoor die wêreld is, of om die wêreld, of waar dit ook al mag wees: "Waar twee of drie vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees." En ons weet dat daardie Skrif nie kan faal nie. Daardie belofte is Goddelik. Dit het van die lippe van die Verlosser af gekom. En daarom, miskien is ons . . . ons gewete en ons . . . Die sonde van ons ongeloof het ons geskei, so ver weg, dat ons nie in staat mag wees om te herken dat U hier is nie. Maar U is in elk geval hier, want U hou U belofte.

31 En nou, U het gesê: "As hulle enigiets sal vra, oor een ding, en dit sal vir hulle gegee word." En, Vader, die—die grootste ding waaraan ek kan dink, net op hierdie tydstip en vir hierdie gehoor is, voed ons, Here, met die geestelike Manna wat kom vanaf God, uit die Hemel. Skenk dit, Here. Voed ons op U Woord. "U Woord is die Waarheid." "En die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." En soos ons Dit lees, mag die Heilige Gees Dit na elke hart toe neem, en Dit verdeel onder ons vandag net soos wat ons behoefte het, want ons vra dit in Jesus' Naam, U Seun. Amen.

32 Nou, baiekeer, soos ek gesê het, predikers en mense, luister ons na mekaar wat praat. En ons skryf Skriftekse neer waaroor

een of ander prediker gepreek het, of iemand. En—en ek doen dit die heeltyd, terwyl ek in die pad afgaan. Ek het 'n stukkie papier, 'n boekie, wat lê langs die . . . langs my. En 'n Skrif in my gedagte sal opkom, skryf ek dit neer. En voor jy jou kom kry . . . Nou, ons is almal skuldig daaraan, nie waar nie? Ons doen dit. En dan, naderhand, sal die Heilige Gees dit vir ons lewendig maak. En ons kry nog 'n gedagte, dan moet ek net van die pad aftrek en 'n paar goed neerskryf.

33 En—en dis die manier, dan, wanneer ek by die tyd kom om te preek, sal ek weer deur daardie dinge gaan. Ek sal daaroor begin dink, en 'n Skrifnaslaan doen, en dan daardie Skrifverwysing neerskryf. En dan, wanneer ek soontoe blaai, onthou ek wat die Skrif sê, en dan preek ek daaruit. Ons doen dit omtrent almal so.

34 Nou gaan ek net weer omtrent 'n vers lees, uit die boek van Filippense. Ek het nou die aand uit Filippense gelees, oorkant . . . die Woensdagaand oorkant by Broer Shores by die Gemeente van God, toe ek gepreek het oor die onderwerp van *Geïdentifiseer Met Hom*. En nou wil ek lees uit die 1ste hoofstuk van Filippense, vir vanmiddag, omtrent die 20ste vers. En kom ons luister nou biddend soos ons lees.

> *Volgens my reikhalsende* verwagtinge *en hoop dat ek in niks beskaamd sal word nie, maar dat Christus met* wat vrymoedigheid is, *alle vrymoedigheid, . . . altyd, so ook nou,* groot gemaak *sal word in my liggaam, of dit deur die lewe, of deur die dood is.*
>
> *Want vir my is die lewe Christus, en die sterwe wins.*
>
> *Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie.*

35 Ek het hieraan gedink, en gedink ek sal 'n bekende gedagtetjie gebruik, net 'n woord.

36 Julle sê: "Broer Branham: ''n woord,' vir hierdie, waarskynlik 'n duisend mense wat hier sit? Net 'n 'woord'?" Wel, as dit die regte soort woord is. Sien?

37 En ek wil probeer, as die Heilige Gees, Hy Wat ons inspireer, om 'n klein, 'n konteksie rondom my teks te kry. Ek wil dit noem: *'n Absoluut*.

38 *'n Absoluut*. Nou, ek het in die woordeboek gekyk, om uit te vind. Toe ek gekyk het na die woord, *geïdentifiseerd*, het ek op hierdie woord afgekom, *absoluut*. En die *absoluut*, volgens Webster se woordeboek, is, sê dis "volmaak in homself; onbeperk in krag; hoofsaaklik 'n uiterste."

39 *'n Absoluut*. Dit word baiekeer gebruik. Dis "die laaste woord." Dis "die amen." Julle hoor mense sê: "Absoluut, dis dit." Dis "die laaste ding." Dis—dis "onbeperk." Sien? Dit, dit neem "van hier af aan." Daar's "niks anders in sy pad nie." Dis—dis "die hoogste." Dis "'n uiterste." En 'n uiterste is, wanneer,

hoofsaaklik ’n uiterste, omdat jy “die einde bereik het.” Dis “die amen.” Dis al.

40 Nou, enige, en gekoppel aan enige groot prestasie, was ’n absoluut. Vir elke persoon, en elke ding wat doen is, of gedoen is, liewer, was daar ’n absoluut daaraan gekoppel. Daar moet iets wees, want dis die finale ankerpunt. En mense kan nie, op enige manier, enigiets bereik totdat daar iewers iets kom waar hulle erken dat daar ’n absoluut is nie.

41 Eenkeer, in ’n—’n dokter se kantoor, het ek met ’n dokter gepraat. En hy het gesê: “Wel, ek—ek sê jou Billy.” Gesê: “Dit is waar dat—dat ek glo ’n mens genoeg geloof kan hê, dat hy hier kan uitgaan en hierdie boom kan aanraak en genees word.”

42 Ek het gesê: “Maar, dokter, hoe kan ’n mens ooit genoeg geloof kry om ’n boom aan te raak en genees te word? Sien? Want, daar is geen agtergrond daarvoor nie. Daar’s—daar’s geen plek waarmee jy dit kan verbind nie, want dis—dis nie—dis nie, skriftuurlik, ’n fondament nie.”

43 Maar jy het iets waarmee jy kan verbind, om te weet dat dit Hierdie is. Dis die . . . Baie klein goedjies mag daartoe aanleiding gee, maar Daardie is die laaste Woord, laaste ding. Dis hoekom ek altyd geglo het in—in die Woord.

44 En ek weet, miskien ’n getuienissie wat op my hart kom net nou, mag miskien nie baie geskik wees nie, maar ek—ek hoop dit—dit gee nie aanstoot nie. En my vrou wat daar sit, en, o, baie hier, weet dat dit waar is. Daar was ’n . . .

45 Ek het destyds uitgegaan met ’n—’n—’n jong dame wat was by die . . . van die Baptiste kerk by Milltown, Indiana, waar ek destyds die pastoor was. En die jong dame was in die dienste en het gesien wat God gedoen het. En, o, ons was net vriende, net goeie vriende. En later het ons albei . . . Sy het met ’n gawe jong man getrou. En—en toe, later, is ek getroud. En ons het mekaar, vir jare, nie gesien nie.

46 Haar vader was ’n baie persoonlike vriend van my. Sy naam was Lee, Marion Lee. En ek onthou, een aand, ’n Skrif, hy kon nie—hy kon Dit nie uitwerk nie. Hy het gesê: “Broer Branham, ek—ek betwyfel jou nie. Maar,” gesê: “jy weet, ek is altyd *so* geleer.” Hy was ’n—hy was ’n Nasaréner. En hy het gesê: “Ek—ek is *so* geleer. En ek kan Dit net nie verstaan nie.” En hy was ’n skrynwerker.

47 Ek het huis toe gegaan saam met hom, een aand, en hy het gesê: “Ek sê jou. Terwyl Norma en hulle boontoe gaan,” het hy gesê: “kom ons—kom ons eet iets. Ons het ’n bietjie mieliebrood en karringmelk.” Dis baie lekker. En so het ons . . . Ek sou dit net nou kon geniet.

48 Ek het nie geëet vir omtrent drie weke hier nie, net ’n bietjie, nou en dan, sodat ek op die beste kon wees vir my Here.

49 En nou, ons het 'n groot glas koue karringmelk uit daardie fonteinhuis gekry, en 'n groot stuk koue mieliebrood. En ons het gaan sit, en het hierdie mieliebrood daarin gekrummel, het geëet. En hy het gesê: "Billy, ek begryp net nie Daardie waarvan jy praat nie."

50 So, ons—ons het gaan slaap. Omtrent omstreeks, baie laat in die nag, hy . . . Ons het tot omtrent eenuur gesels. Ek het aan die slaap geraak. En hy—hy het wakker geword, en hy het gesê: "Ek—ek het gedroom dat ek 'n gebou gebou het bo in—in New Albany, en die man het vir my die bloudruk gelos. Hy het Florida toe gegaan. En hy het gehad, op hierdie bloudruk, het hy 'n komvenster gehad. En ek het gesê: 'Daardie man wil nie 'n komvenster daarbuite hê nie,' so ek het dit net uitgelaat. En gesê: "Toe die man teruggekom het, het hy gesê: 'Ek sal jou nie betaal vir hierdie gebou, voor jy dit afgebreek en oorgebou het volgens hierdie bloudruk nie.'"

51 Ek het gesê: "Daar is 'n stroom net hieronder. Dit is nie baie ver nie. So, jy wil nie iets afbreek onder aan die einde van die pad nie. Jy mag nie tyd hê nie."

Hy het gesê: "Is dit reg met my pajamas aan?"

Ek het gesê: "Met myne, ook. Kom ons gaan." So ons het afgegaan.

52 So sy dogter het baie, baie beroemd geword, en sy kleinkinders, deur te sing.

53 En hulle—hulle was Verenigde Broers. Sy dogter is getroud, 'n Verenigde Broers prediker, of prediker se seun. En hierdie seun, gawe kêrel, hy was 'n masjienwerker bo by die bootwerke. En die dogtertjie probeer vir Christus lewe. Die druk het te veel vir hulle geraak.

54 Hulle was baie slim kindertjies. Een van hulle, het al op sewentien jaar oud, musiek onderrig. Sy het 'n graad behaal, en sy was 'n baie slim meisie.

55 En so kon hierdie outjie nie die druk uithou om gespot te word nie, en hulle sou vir haar sê sy was outyds, ensovoorts. En naderhand, het die kind 'n ineenstorting gehad.

56 Hulle—hulle het haar geneem na, wat hulle noem, Ons Dame Van Vrede, 'n Katolieke inrigting in Louisville, vir skokbehandeling. En hulle het vir haar gegee . . .

57 Natuurlik, dis 'n skoot in die donker. As daar 'n dokter hier is, hoop ek nie ek gee jou aanstoot daarmee nie. Maar partymaal maak dit hulle erger as ooit tevore.

58 En haar toe 'n skokbehandeling gegee, en dit het die kind erger gemaak. So hulle het haar huis toe gestuur. Paar weke, moes hulle haar weer terugbring, want toe was sy regtig in 'n vreeslike toestand. So hulle het haar gehou, en haar probeer dokter daarbo, vir 'n hele tyd, en sy het erger geword.

59 En so drie dae daarna, sou hulle haar Madison toe vat. Dis 'n inrigting vir kranksinniges, waar hulle—hulle hulle in 'n opgestopte kamer sit, van daar af.

60 So die moeder het gesê: "Ons is nie verslaan nie." En sy het gesê: "Ons sal sien of ons Broer Branham kan kry om te kom en vir haar te bid, as hy by die huis is."

61 So hulle het geskakel, en dit was net so dat ek by die huis was. So hy het opgekom om my te sien, gesê: "Broer Branham, sal jy soontoe gaan, vir haar bid?"

Ek het gesê: "Sekerlik."

62 So hy het die dokter geskakel. En die dokter het gesê: "Wie is dit wat kom?" So hy het vir hom gesê dit was ek. En hy het gesê: "Wel ek sê jou, wag." Gesê: "Ons sal—ons sal . . . Skakel my vanmiddag terug."

63 Wel, hy het geskakel, en aan tot eenuur in die môre. Sy vrou het bly sê: "Hy's nie daar nie." Die volgende oggend het hy geskakel. "Hy's nie daar nie." En die derde dag sou hulle die kind wegstuur.

64 So, ek—ek haat om dit te sê, maar ek het 'n manier om te weet. Die dokter het net die saak vermy. Sien? So toe was die vader baie senuweeagtig. Ek moes die volgende dag vertrek, om weg te gaan. Daardie dag is al wat ons gehad het.

65 So die moeder en vader, en die ander twee susters, het opgekom aan die huil, gesê: "Hy, hy vermy net."

66 Ek het gesê: "Hy doen dit beslis. Maar ek sê julle wat. Moenie sê ek's 'n prediker nie. Laat my net soontoe gaan as 'n vriend, net saam met julle gaan."

67 So ons het in die inrigting ingegaan. Julle weet, hulle sluit die deure agter jou, en neem jou op met die hysbak, sluit dan die hysbak. So . . . En hierdie suster het ons opgevat.

68 En ons het in die kamer ingekom, en gaan sit op die rand van die bed. En daar daardie baie mooi dametjie, omtrent iets oor die sestien, wat daar gesit het, heeltemal verlore. Jy . . . Sy, het net gestaar. Jy kon jou hande wuif, en sy het dit nie eers opgelet nie.

69 En ek het vir haar gesê: "Ruthie, ont—onthou jy my?" Ek het gesê: "Ek—ek—ek's Broer Branham." Ek het gesê: "Jy het my altyd Bro'der Bill genoem." Ek het gesê: "Ek—ek het jou vir Christus gegee, toe jy in die wiegie was. Onthou jy my nie?"

70 Sy het net gestaan en kyk. O, 'n pragtige meisie; en die drie van hulle, dit was 'n trio, drie susters. En ek het haar aandag probeer trek, en ek—ek kon dit nie doen nie. Sy het gestaar. Sy was net verlore.

71 En ek het daar gesit. En ek . . . Hulle het geen steil aan die bed gehad in daardie plekke nie, julle weet, sodat hulle hulle nie seermaak nie. En ek het oorkant gesit, by die voetenent van

die bed. Die moeder het gesit, op die ander kant van die bedjie, hierdie klein, enkelbedjie in hierdie kamertjie. En die meisie het gesit op 'n klein soort sitplekkie wat in die muur ingebou was. En die suster het gestaan, en die vader het by die meisie gestaan.

72 En die moeder het daar gestaan, en die trane wat teen haar wange afgeloop het. Sy het gesê: "Sien jy, Billy? Wat—wat kan ons doen?"

Ek het gesê: "Wel, luister, Norma. Christus is steeds Christus." Sien?

73 Sy het gesê: "Hierdie was ons laaste kans." Gesê: "As hulle haar soontoe neem, weet jy wat sal gebeur." Gesê: "Ons sal haar waarskynlik nooit weer sien nie. En as ons sal, weet jy hoe, die—die behandeling wat hulle daar kry."

74 En ek het gesê: "Wel, Norma, laat ons nie opgewonde raak nie." Ek het gesê: "Ons wag net—net 'n paar minute." En toe, skaars dit gesê, of daar het die meisie voor my gestaan, in 'n visioen, normaal gesond, met 'n glimlag. En sy het na 'n jong man gekyk. En ek het na die jong man gekyk.

75 Ek het teruggekyk. Visioen het my verlaat. Ek het gesê: "Norma, het sy 'n kêrel, soort van lank en donker hare?"

"Já."

Ek het gesê: "Doen hy iets saam met hulle in die sang?"

Gesê: "Já. Dis reg."

76 Ek het gesê: "Moet julle nie bekommer nie. Ek het SO SPREEK DIE HERE. Sy gaan daaruit kom."

77 Norma het haar hande gegooi en my aan die knie gegryp, opgekyk na haar man, gesê: "Skat, dis nooit verkeerd nie." Gesê: "Dis nooit verkeerd nie."

78 Die meisie het nooit enigsins verander nie. Ek het gesê: "Goed, Norma. Jy weet ek sou jou dit nou nie vertel het as ek dit nie gesien het nie. En God kan nie lieg nie." Sien? Ek het uit die hospitaal uitgegaan en in my eie motor geklim. Hulle het gebly.

79 En omtrent twee uur van toe af, het die telefoon net gelui, toe ek van Mnr. Wood af gekom het, daaronder. En dit was haar vader. Hy was op die telefoon. Hy het gesê: "Broer Branham, ek het iets om jou te vertel." Gesê: "Jy was nie twintig minute weg nie, toe het sy tot haarself gekom, normaal. En sy is deur 'n hele personeel dokters ondersoek. Ons vat haar môre-oggend huis toe."

80 En nou, sien, nou sing sy by die tabernakel nou. Nou, daar is mans en vroue hier, van—van Jeffersonville daar, wat weet dat daardie storie waar is. As julle vanmiddag hier is, steek julle hande op, hoeveel ken daardie storie? Ja. Sien? Oraloor, wat weet dat dit waar is, absoluut waar.

81 Nou, wat was dit? Daardie dametjie het daardie visioen gebruik as 'n—as 'n absoluut, 'n uiterste. Sien?

82 Jy moet, in alles, moet jy iewers hê waaraan jy kan vasmaak. En ek het altyd die Woord van God gebruik, want daar's geen ander ankerpunt, so groot soos daardie, waarvan ek weet nie, want "Beide hemel en aarde sal verbygaan," het Jesus gesê: "maar My Woord sal nooit faal nie." Wat 'n ankerpunt!

83 Nou, Paulus het 'n Christus-gesentreede lewe gehad. Hy . . . Dit was, Christus, was Paulus se absoluut.

84 Hy was—hy was 'n groot leermeester, was Paulus. Hy is onder Gamaliël geleer. En hy was 'n groot leermeester, van sy, onder die denominasie van sy Fariseër agtergrond. En hy is geleer, geskool, en hy het 'n groot agtergrond gehad.

85 Ek dink, toe hy die Heilige Gees ontvang het, en in Egipte ingegaan het vir drie jaar, moes dit gewees het, dink ek, waar hy gegaan het en die Skrif geneem het en Dit vergelyk het met die openbaring wat hy gehad het, om te kyk of Dit reg was. En julle ken die groot, beroemde boek, van Hebreërs, niemand anders as Paulus kon dit geskryf het nie, want hy het geweet hoe, daardie tipes en antitipes. Wat 'n pragtige les!

86 En nou, Paulus het Jesus eendag ontmoet. Ontmoet die . . . Hom ontmoet, van aangesig tot aangesig, op die Damaskuspad, toe hy afgegaan het om die Christene te vervolg.

87 'n—'n Groot bakleier wat groot dreigemente gemaak het, en dinge teen die Kerk van God gedoen het, choas Daarvan gemaak het, Dit selfs vervolg het tot die dood. En eendag op pad af . . .

88 Die rede waarom hy hierdie Christus-gesentreede lewe gehad het, was omdat hy, persoonlik, nou sy opleiding ter syde gestel het, hy Christus persoonlik ontmoet het.

89 En dis die enigste manier wat jy Hom ooit kan ken, is om Hom te ontmoet. Sien? Nou: "Om Hom te ken, is Lewe," nie eers Sy Woord te ken nie, hoe goed Dit ook al mag wees. Tog, moet jy Hom ken. "Om Hom te ken, is Lewe."

90 En Paulus het nog nie hierdie ondervinding gehad nie. En hy het gesê, een plek hier: "Die lewe wat ek nou lewe . . . " Gewys dat hy 'n ander lewe gelei het, eenmaal. Sy lewe is verander.

91 En wanneer jou lewe verander is, laat dit jou dinge doen wat jy gewoonlik nie sou doen nie. En, laat dit jou dinge sê wat jy gewoonlik nie sou sê nie, 'n man wat 'n Christus-gesentreede lewe het.

92 Tog, Paulus het reg in die midde van die mense gestaan, daardie Jode, ensovoorts. Hy was . . . een sweempie vrees in hom nie. Hy het geweet Wie hy geglo het. En hy—hy het 'n—'n lewe gehad wat hy dit op geen manier sou gedoen het, as hy nie iets gevind het wat eg was en hom geanker het nie.

93 Ek dink, enige Christen behoort so te wees, elke gelowige. Jy moet nooit . . . Ek dink, veral predikers, moet nooit op die preekstoel gaan, totdat hulle God op daardie heilige gronde ontmoet het, waar geen filosoof Dit kan wegverduidelik nie. Jy het God ontmoet, en jy weet dit, en daar's niks wat Dit ooit kan wegsteek vir jou nie.

94 Nou, ons het tye wat ons groot geleerdheid het, en niks daarteen nie. Dis goed. Maar, dit is alles goed. Maar jy, persoonlik, moet God ontmoet, op 'n plek waar niemand enige Skrifte vir jou kan verdraai nie. Jy was daar. Jy, jy's die een wat Hom ontmoet het. Jy het die ondervinding daarvan gehad. Jy ken Hom. Sien?

95 Ek dink, elke prediker, veral, en elke gelowige, moet—moet hierdie plek, hierdie posisie inneem, om eers Christus, persoonlik, te ontmoet. En dit laat jou dinge doen, soos—soos ek gesê het, wat jy gewoonlik nie sou doen nie. Dit laat jou dinge sê wat jy gewoonlik nie sou sê nie. Tog, is Dit iets waarop jy gesentreer is, of aan verbind is. Dis iets wat jy weet, soos Paulus, dat jy—jy iets ontmoet het wat anders was as wat jy nog ooit in jou lewe gesien het. Sien?

96 Dis net soos 'n skip. Sien? 'n Skip het—het 'n absoluut, en daardie skip se absoluut, is die anker.

97 Nou, as daardie skip in onstuimige waters is, waar maklik teen 'n rots gegooi kan word, of—of stukkend geslaan; of kan strand, waar die—die water nie diep genoeg is nie; en die groot swelle, wat opkom, die skip sal slaan, dit sal omdop.

98 Die water moet diep genoeg wees dat dit kan dryf, of die golwe sal dit omdop. En—en 'n skip met 'n anker, daardie groot, magtige tonne van—van metaal wat dit laat sak, van staal. En dit gaan af, af, totdat dit die bokant van die oseaanvloer tref, iewers op die bopunt van 'n berg. En daardie groot anker trek, terwyl die golwe die skip laat kantel, totdat dit die yslike groot penne in 'n rots inslaan. En, daar, het die skip 'n absoluut. Dis geanker. Golwe mag dit rondskud, maar, steeds, kan daardie skip net heeltemal stilstaan, waar dit geanker is, want dis 'n absoluut daarvoor.

99 En as Christus jou Absoluut is, is jy op daardie manier aan Hom verbind, maak nie saak wat enigiemand sê, hoe erg die vervolging raak, hoe erg die storm lyk, hoe—hoe onmoontlik dit lyk om te gebeur nie. As iets in jou gebeur het, dat, Christus jou Absoluut word, of enige belofte in die Bybel jou absoluut word. As jy siek is, en—en jy bid vir genesing, en iets gebeur daarmee, daardie belofte in die Bybel tref: "Ek het dit," gaan daar niks wees wat jou Daarvan laat afsien nie.

100 Julle onthou die storie 'n paar oomblikke gelede, van die dametjie? Daardie visioen was haar absoluut. Sy het geweet dit het nog nooit gefaal nie, so dit was haar absoluut. As sy God

kon kry om terug te praat en sê: "Dis verby," maak nie saak wat die dokter gesê het nie, dit was 'n absoluut. Dit was absoluut vasgeanker.

101 En 'n man of 'n vrou, net in filosofie of kerkaansluiting, of so-iets, is jy nog nie geanker nie. Jy, jy sal jou brief van een kerk na die ander neem, van een plek na die ander. Maar as jy net die ware Absoluut, Christus neem, jouself Daarin anker. Maak nie enige verskil wat kom of gaan nie, jy's steeds geanker.

102 En wat die Christen vandag nodig het, in hierdie atoomeeu, en hierdie tyd van onsekerheid, jy het iets nodig behalwe net 'n ondervinding van kerkaansluiting. Jy het 'n anker nodig, 'n absoluut, wat jy weet. Want, kerke sal faal, en mense sal faal. Maar Christus kan nie faal nie. Hy, Hy's die—Hy's die Absoluut vir die gelowige. En as Christus jou Absoluut is, is jy aan Hom verbind. En as Hy jou Absoluut is, en jy's aan Hom verbind, is jy aan die Woord verbind.

103 Nou, nou, Hierdie sê of ons die regte absoluut het, of nie. Sien?

104 As jy in daardie Skrif iets kan lees, wat Christus ons verordineer of opdrag gegee het om te doen; en, as gevolg van een of ander verdraaiing, as iemand vir jou sal vertel Dit was vir die dissipels of iemand anders; en jy dan nie Daaraan vashou nie, dan is Christus nie jou Absoluut nie. Daardie persoon wat jou van die Pad af gelei het, is jou absoluut.

105 Maar as daardie Woord, Christus, steeds hou, sien, dan is Hy jou Absoluut. Ons moenie dat enigiets ons uit die weg van die Woord laat skud nie. Sien?

106 Party van hulle, vandag, gaan meer as ooit raak, soos die dae verbygaan, dat ons mense hiermee gaan sien, soos Jesus gesê het: "Vorm van godsaligheid." En net 'n—'n vorm waarin dit beland. Ons het dit in die Metodiste en Baptiste, ensovoorts, vir jare gehad, en nou het dit oorgesluip in die Pinksters. En klein . . .

107 Wanneer God 'n man die Heilige Gees gegee het, het Hy hom met sy gesig op Gólgota gerig, en die Woord voor hom.

108 Nou, klein worteltjies sal opkom van daardie hoofweg af, inkom en om-en-om daardie boom draai, en jy dink dis baie onskuldig. Maar, eerste ding waarvan jy weet, het dit so 'n houvas op jou, dat dit jou na die verkeerde kant toe trek, jou na die verkeerde kant toe laat leun.

109 En so het filosofieë en dinge onder ons ingekom, totdat ons begin trek het na die wêreld. Vat die skerp tweesnydende Swaard van God en kap los van alles, en bly reg by daardie Woord, want Dis die Uiterste. Dis die Absoluut, vir elke gelowige.

110 En as 'n man, of vrou, gevul is met die Heilige Gees, sal jou hart in jou, elke belofte van God beklemtoon met 'n "amen." Dis reg.

111 Nou, wanneer iemand vir jou vertel: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar is glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie. Die doop van die Heilige Gees was vir 'n ander eeu."

112 En dan blaai jy oorkant in die Bybel en lees waar Petrus gesê het, op die Dag van Pinkster, toe hulle almal getref is in hulle hart. En hulle het vir hom gesê: "Manne en broeders, wat kan ons? Wat kan ons doen om gered te word?"

113 Nou, as kerkaansluiting was wat hy gesê het, sou hy gesê het: "Julle moet die—die liggaam vind en—en by die kerk aansluit." Wel, julle sien, daar was nie so-iets. . . was nie so-iets in daardie dag nie.

114 So hy het vir hulle die presiese voorskrif gegee van wat dit verg. Hy het vir hulle gesê wat hulle moes doen, en hoe ver dit sou strek. Hy het gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is aan julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep."

115 Hoe ver is dit dan? Jesus het gesê in Markus 16: "Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Sien? Hoe ver? "Die hele wêreld, aan elke skepsel," is die Evangelie. "En vir elkeen wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; in nuwe tale spreek; of slange opneem of iets dodeliks drink, sal dit hulle nie skaad nie; hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

116 Nou, jy sien, jy moet daardie absoluut kry, daardie iets wat 'n werklikheid is, wat jou identifiseer met Christus en Sy Woord. Ja. Die Woord is Christus. En jy moet seker wees dat jy "amen" kan sê op daardie Woord, of jou absoluut is verkeerd.

117 Jy het dit gebou op een of ander geloofsbelydenis. Jy sê: "O, ek glo Christus, maar ek glo nie in daardie Goed nie. Ek—ek glo Christus, maar ek glo nie *Hierdie* nie." Dan is jou absoluut verkeerd. Jou absoluut is in een of ander geloofsbelydenis en nie in Christus nie, want Christus is die Woord.

Hy is ook soos die noordster, Hy is, vir 'n man wat verlore is.

118 Nou, ek jag regoor die wêreld. Ek was al in die—in die wildernis. En partymaal, een van die beste. . . As jy kan opkyk en jy ken die rigting van die noordster, lei hy jou uit. En 'n—'n —'n man op die see, en wanneer hy—hy verdwaal is, as hy net die noordster kan vind, kan hy homself rig in die rigting wat hy moet volg. Nou, dis wanneer hy verdwaal is, soek hy na die noordster. Nou, ander sterre skuif, maar daardie noordster sit reg in die middel van die aarde. Maak nie saak waarnatoe die aarde draai nie, daardie noordster bly dieselfde. Dit wys na die noorde. Dis

die enigste betroubare ster, verstaan ek, wat ons het, is daardie verste noordelike ster. Nou, dit—dit gee jou jou rigting.

119 En dis wat Christus vir jou is. As jy Hemel toe wil gaan, as jy gered wil word, as jy gevul wil word met die Gees, as jy soos Christus wil wees, is Christus jou Noordster. As jy verlore is, moenie 'n geloofsbelydenis probeer neem nie. Hy is jou Noordster. Hy is jou Weg. Hy is jou Rigting.

120 Dan, as jy—as jy Hom neem as jou Noordster, dan plaas dit absoluut die Heilige Gees as jou Kompas. Amen. Die Heilige Gees is jou Kompas, en die Kompas sal net wys na die Noordster. En as jy die doop van die Heilige Gees het, kan dit net wys na Christus, en Christus is die Woord. Dis die manier om jou pad terug te vind. Sien?

121 Jy kan nie *hier* opkyk en sê: "*Hierdie* skyn. *Hierdie* ster skyn hier," nie. En na 'n rukkie is dit op 'n ander plek. Sien? Jy moet êrens kom waar dit absoluut gevestig is.

122 Nou, Christus as die Noordster, en die Kompas wys altyd soontoe. En as jy regtig gered is, regtig, die enigste manier wat jy gered kan word, is deur Christus. En die Heilige Gees, as jou Kompas, sal jou net reguit na die Woord toe lei. Sien wat ek bedoel? Nou, dis wonderlik! En die Woord en Christus is Een. Albei van Hulle is dieselfde, presies dieselfde. "In die begin," Johannes 1: "was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." As Hy jou Noorster is, dan word Hy jou Absoluut.

123 Hierdie is baie omslagtig, vir wat ek wil sê. Maar julle sal dit miskien verstaan, wat ek vir julle probeer sê.

124 Daar moet 'n absoluut in jou lewe wees. Jy moet dit iewers hê, en elkeen van julle het een. Jy kan nie aangaan sonder een nie. Jy moet 'n absoluut hê.

125 Daar was 'n tyd toe 'n—'n vrou, haar—haar woord oor tafelmaniere, dit die absoluut in Amerika was. Ek dink haar naam was Emily Post, as ek my nie misgis nie. En wat sy ook al gesê het oor tafelmaniere, as sy gesê het jy moet eet met jou . . . jou ertjies eet met 'n—met 'n mes, was dit—was dit so. Dit was so. En hoekom? En as sy gesê het om die hoender te eet, jy dit net in—in jou hande opgetel het en dit geëet het, maak nie saak hoe enigiemand na jou gekyk het nie, jy was presies in orde, sien, want dit was die absoluut. Sy was die absoluut van tafelmaniere. Dis reg. Wat ook al daardie vrou gesê het, dit was so.

126 Daar was 'n tyd toe, Duitsland, toe Adolf Hitler 'n absoluut in Duitsland was. Maak nie saak wat enigiemand gesê het nie, Hitler was die laaste woord. Wat Hitler gesê het, dit moes gedoen word. Dit was sy manier om dit te doen. En maak nie saak hoeveel van die res van hulle enigiets gedink het daarvan nie, Hitler was die laaste woord. Hy was die absoluut.

Daar was 'n tyd toe Mussolini Rome se absoluut was.

127 Daar was 'n tyd toe Farao die absoluut van Egipte was. Wat ook al Farao gesê het, moes gedoen word.

128 Maar, julle sien, al daardie was die verkeerde soort van regte absolute. Hulle het gefaal, elkeen van hulle. In Egipte gestaan, nie lank gelede nie, ek het gedink aan die tyd wat Farao's op hulle trone gesit het. En, julle weet, jy moet twintig voet ondertoe grawe in die grond om te vind waar hulle trone was. Sien? O, wat 'n absoluut sou dit wees! Dit het vergaan en verdwyn. En die mense wat op daardie soort absoluut vertrou het, hulle het daarmee saam vergaan, en het heengegaan. Hoekom? Dit was mens-gemaak, en enigiets wat mens-gemaak is, sal saam met die mens verdwyn.

129 Maar daar is 'n absoluut wat nie kan vergaan nie. Dis die Ewige Woord van God. Dit kan nooit vergaan nie. Jy moet Daarby bly.

130 Nou, nou, ons besef dat—dat ons 'n absoluut hier het. Ons gaan hier uit en hou 'n verhoor. En jy raak in die moeilikheid hierbuite, en jy hou 'n verhoor hier in die stad. Hulle kan dit voor ander howe bring, ensovoorts. Dit kan uiteindelik voor die Hooggeregshof kom. Maar die Hooggeregshof se besluit is die absoluut. Dis die einde van verhore. Dis hoe ver jy kan gaan. Dis die laaste hof, is die Hooggeregshof, en dis 'n absoluut.

131 Nou, partymaal stem ons nie met hulle saam nie, en—en, of hou nie van hulle besluite nie. Maar, hoe dit ook al sy, dis die absoluut, want die volk is daartoe verbind, sien, wat die Hooggeregshof sê. Maak nie saak of ek gesê het hulle is verkeerd nie; dit sal dit nie verkeerd maak nie. In hierdie volk, is hulle reg. Wat hulle besluit ook al is, dis reg. 'n Absoluut, ons moet dit hê. As daar nie, iewers was nie, sou 'n verhoor nooit ophou nie. Maar daar moet iewers wees waar daardie verhoor ten einde kom, en dit is in die Hooggeregshof. Enigiemand weet dit. Dit is klaar wanneer dit deur die Hooggeregshof gaan. Hulle maak 'n besluit, dit handel dit af. Dis al. Daar's nêrens anders waarnatoe jy kan gaan nie, want dis hulle hoogste hof. Daar's 'n . . . Moet 'n absoluut hê, moet 'n absoluut in die hof hê.

132 Ons moet 'n absoluut in 'n bofbalwedstryd hê. Het julle dit geweet? 'n Bofbalwedstryd kan nie reg werk sonder 'n absoluut nie, en dis die skeidsregter. Nou, partymaal hou ons—ons nie van sy beslissings nie, maar dis—dis—dis absoluut. Hy's die absoluut, en elk geval. As . . . Maak nie saak, as ons wil sê, en ander sê, dat—dat dit 'n hou was, of dit 'n bal was; en hy sê dis 'n hou nie, dis wat dit is. Moenie met hom stry nie. Hy's daar. Hy's die absoluut in daardie bofbalwedstryd. Want, as hy gesê het: "Hou," kan jy stry, jy kan jou hoed daar gooi, en daarteen baklei, maar dis in elk geval 'n hou. Amen. Nou kom ons dink net 'n oomblik. Wat as daar geen skeidsregter in die spel was nie? Watter soort stryery

sou dit wees? Dit sal alles 'n chaos wees. Jy—jy kan nie die spel speel sonder dat daar 'n absoluut in is nie. Wedstryde moet 'n absoluut hê.

133 En as wedstryde 'n absoluut moet hê, wat van die lewe? Dit moet 'n rusplek hê. En elke sterflike lewe hier, vanmiddag, het jou absoluut iewers, jou uiterste, dis die laaste woord.

134 Let op, daar sal stryerye en al die res by hierdie bofbalwedstryd wees. Dit sou alles in chaos eindig.

135 Julle weet, 'n rooi lig is 'n absoluut vir verkeer. Maar wat as die rooi lig nie werk nie? Wat as die rooi lig uit is wanneer jy daar kom? Een sê: "Ek—ek—ek het eerste hier gekom." Die ander een sê: "Ek's haastig om werk toe te gaan." Praat van 'n verkeersknoop!

136 Dis omtrent wat die probleem met ons kerke en dinge geword het. Dis so 'n knoop! Die rooi lig moet uit wees, iewers.

137 O, stry en baklei, wel, julle sal nooit daaroor kom nie. Daar moet iets daar wees, om te sê: "*Jy* gaan, en *jy* wag," ensovoorts, of ons sal almal in 'n gemors beland.

138 Wel, nou, in ons gelowe, in ons iets oor die seshonderd verskillende denominasies. Ja. Ek dink dis negehonderd nou, van—van verskillende organisasies. Daar moet iewers 'n absoluut wees. As die Katoliek reg is, is die Protestant vekeerd. As die Metodis reg is, is die Baptis verkeerd. As die Pinkster reg is, dan is die res van hulle verkeerd. En—en daar moet iets êrens wees. En waarop gaan jy dit baseer, as jy nie God se Absoluut neem nie? Dis Christus.

139 En Jesus het gesê, in Johannes 14:12: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Dis 'n absolute feit dat Christus dit belowe het. Dis Sy Woord. Ons moet dit glo. Gesê: "Hy . . ."

140 In Johannes, die 5de hoofstuk, die 24ste vers: "Hy wat My Woorde, My Woorde hoor, en in Hom glo wat My gestuur het, het ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood na die Lewe." Dis absoluut. Dis so. Nou, nie hy wat maak of hy glo nie, maar: "Hy wat glo." Sien?

141 Nou, ons moet 'n absoluut hê, en Hy is daardie Absoluut. En Hy en Sy Woord is dieselfde. Ons kan hulle nie skei nie. Ja.

142 As die rooi lig uit was, sou ons 'n verkeersknoop hê, o, goeiste, baie erg een, ook. Daar moet 'n absoluut wees.

143 En so, julle weet, dit het so geword vandag, egter, die probleem daarvan is, is wat in hierdie groot verkeersknoop laat beland het wat ons vandag beland het. Dis soort van 'n kru manier om dit uit te druk, maar tog weet julle wat ek probeer sê.

144 Let op. Die rede waarom ons daarin beland het, is omdat elkeen van ons ons eie absoluut maak. Sien? Ons het ons

eie absoluut. Elke kerk het sy absoluut. Elke groep het sy eie absoluut. En hulle sê, elkeen van hulle, gesê: "Ons is die Waarheid, die weg. Ons het Dit alles. Julle het niks Daarmee te doen nie. Julle is in die minderheid. Ons, ons is die grootste groep." En mense doen dit. Dis. . .Julle behoort dit nie te doen nie.

145 Tot, dit amper is soos dit was, in die dae van die Rigters, waar: "elke man doen wat reg is in sy eie oë." Sien? Hy dink, in sy eie oë, wat hy doen. Maar, hulle, jy kan nie dit doen nie. Daar's te veel verskillende weë. Sien? En daar's eintlik net een Weg, en Christus is daardie Weg. En Christus en Sy Woord is dieselfde ding. Nou, sien, jy moet Iets hê waarby ons kan kom en sê: "Hierdie is Dit," en Dit kan bewys word dat Dit is, dis wat Dit is, sien, Hy.

146 In die dae van die rigters, die rede waarom elke man gedoen het in sy eie oë wat hy gedink het reg was, is omdat, in daardie dae: "Die Woord van God skaars was. Hulle het Dit nie gehad nie." En, die profete, daar was geen. Daar was geen profete in daardie dae, om op die Woord te staan en Israel te lei nie. So, die Woord het nie gekom nie, so elke man het gedoen wat reg was in sy eie oë.

147 En dis omtrent waar ons weer vandag beland het, broers. Sien? Elke man in sy eie oë, sê: "Wel, nou, as ek die goue reël wil volg! As ek *hierdie* wil doen, of een of ander godsdiens! Ek—ek—ek glo, my godsdiens is, maak *so-en-so*." En jy—jy kry dit. Almal vind dit.

148 Hulle dink: "Wel, ek—ek gaan Sondagskool toe op Sondagoggend. Ek's net so goed soos enigiemand anders." Wel, dit, dis goed. Jy kan steeds gaan, Sondagskool toe gaan en—en goed wees, dis alles reg. Maar as jy nie iets 'n bietjie meer het as om Sondagskool toe te gaan nie!

149 Iemand het gesê: "Ek onderhou die tien gebooie." Een onderhou die sabbatdag. Die ander een doen iets anders. En, tot, ons net 'n punt bereik het waar almal dink, wel, hulle net doen wat hulle dink, is reg. Maar dit maak dit nie reg nie. Dit maak dit hoegenaamd nie reg nie. Ons gaan dit uitvind binne 'n paar minute, sien, dat dit dit nie reg maak nie.

God het 'n weg.

150 Die Bybel het gesê: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is die weë van die dood." En daar is niemand wat wil sterf nie. Dis skeiding. Ons wil nie skei van God nie. En ons wil nie hê. . .

151 Ons wil lewe. Lewe is die grootste skat wat—wat die mens kan hê. En nou moet ons vind wat Lewe is. En Hy het gesê: "My Woord is Lewe." Dis die Lewe wat jy moet hê, die Woord wat in jou lewe.

152 Nou kyk. Ek het dit gesien in my vroeë bekering, toe ek net 'n seun was. Ek het dit gesien. En ek het geweet dat ek 'n absoluut nodig gehad het. So ek het die Woord van God gelees, en ek het gesien dat hierdie Woord Christus was. En ek—ek wou Daardie as my Absoluut hê. So ek het Hom op Sy Woord geneem. En ek het Hom hoor sê, Daarin: "As julle in My bly, My Woorde in julle bly, kan julle vra wat julle wil en dit sal vir julle gegee word." Nou, wat 'n belofte!

153 Nou, waar is ons vandag, broers? Waar is ons? "As julle in My bly, en My Woorde in julle, dan kan julle vra wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word." Nou, Daardie, dis Christus se Eie Woord. Maar, wat? Die Woord moet in julle bly. "As julle in My bly, in Christus, en My Woord in julle." Dan, hoe kom ons in Christus? Deur doop van die Heilige Gees. Dan, dis een deel. Maar, dan: "As julle in My bly, en My Woorde dan in julle bly, dan kan julle vra wat julle wil." Maar julle moet albei, Christus en Woord, hê. En julle kan eintlik nie die Een hê sonder die Ander nie, dis reg, want Dis Dieselfde ding.

154 Jy kan nie die Vader hê sonder om die Seun te hê nie. Jy kan nie die Seun hê sonder om die Heilige Gees te hê nie. Dis Dieselfde Gees.

155 So, dan, julle sien, jy—jy kan nie—jy kan dit nie doen op enige ander manier as om God se voorsiende Absoluut te neem vir ons lewens nie. Nou is ek aan Hom verbind, deur Sy Woord. Hy is my Absoluut. En ek het gevind dat dit wonderlik en kosbaar is om—om te lewe deur Hom.

156 Nou, baie kerke . . . Laat ek net praat van 'n absoluut. Vir die Katolieke kerk, is die pous hulle absoluut. En maak nie saak wat kom, wat gaan, wat iemand anders sê, wat die Bybel sê nie, dit beteken nie enigiets nie.

157 Ek het 'n bespreking gehad met 'n priester, nie lank gelede nie. Hy het soontoe gekom om my te vra oor . . . Ek het 'n jong meisie gedoop. En sy is met 'n Katolieke seun getrou, was besig om Katoliek te word. En hy het my gevra hoe ek haar gedoop het, en ek het vir hom gesê. En ons het daaroor begin praat. En hy het gesê: "Jy weet, die katolieke kerk het altyd gedoop deur onderdompeling, soos daardie."

Ek het gesê: "Wanneer?"

En hy het gesê: "Destyds in die Bybelse tyd."

158 Ek het gesê: "Wil jy vir my sê dat jy glo die vroeë Christene, soos Petrus, Jakobus, en Johannes, en hulle, katolieke was?"

Hy het gesê: "Hulle was."

159 Ek het gesê: "Dan is ek 'n groter katoliek as wat jy is." Ek het gesê: "Ek's van die outydse katolieke, sien, nie een wat—wat hierdie moderne mode van die ding neem wat hulle vandag doen, en dit godsdiens noem nie."

160 "Wel," het hy gesê: "jy sien, God het Sy mag oorgegee aan Petrus, en—en dis die kerk. En die . . . God is in Sy kerk."

161 Ek het gesê: "Daar's geen Skrif in die Bybel om dit te sê nie. Daar's geen belofte wat dit sê nie. Die Bybel het gesê: 'God is in die Woord.'" Reg.

162 God is in die Woord. Die Woord is waar. En ek het daar in die Bybel gesien waar Dit gesê het, dat: "Wie ook al een woord sal byvoeg Daarby, of een Woord Daaruit sal wegneem, dieselfde sal weggeneem word, sy deel, uit die Boek van die Lewe." Nou, ek het geweet dit was 'n Absoluut, dat daardie Woord nie kon verander nie, so ek het Dit aanvaar. Ek het gesê: "Nou, Here, laat ek Dit verberg in my hart, dat ek Dit sal onderhou en Dit sal eerbiedig. En wat Dit ook al is, sal ek wandel, en lei U my." En Dit was my Absoluut gewees.

163 Nou, aan die Protestante kerk, baiekeer, in 'n bisdom, 'n biskop se woord, al is dit teenstrydig met die Woord van God, word dit die absoluut vir daardie groep Christene. Maak nie saak wat die Woord sê nie, as die biskop *so* sê, is dit afgehandel, die aartsbiskop van Canterbury. Maak nie saak wat nie, die—die Engelse mense wat na hierdie Anglikaanse kerk toe gaan, maak nie saak wat hulle sou dink nie, as die aartsbiskop 'n *sekere* ding sê, is dit so.

"Ag," sê julle: "dis jammer."

164 Maar, julle sien, nou, wag 'n oomblik. Ons kan reguit afkom na Pinkster as julle wil. Julle kan beslis. Maar ek—ek hoop net julle sal die breë trekke kry en sien wat ek bedoel. Sien?

165 Julle sê: "Hier is 'n broer gevul met die Heilige Gees, en, hy, die Here beweeg met hom."

166 "Wel, gaan vra eers vir die presbiter of hy kan, of ons hom kan hê. Watter soort kaartjie dra hy?" Julle sien, dis dan die absoluut vir daardie kerk. Dis reg. Ons mag "amen" sê oor die Katolieke en oor die—die—die Presbiteriaan, ensovoorts, maar wat daarvan—van as dit huis toe kom? Sien? Ons het 'n . . . ons het 'n vals absoluut.

167 Daar is niks hoër in die Bybel, in die kerk, as die ouderling van daardie kerk nie. Dis 'n soewereine kerk, en die Heilige Gees werk op enige manier wat Hy wil. Hy woon onder Sy mense.

168 Maar ons het 'n ander absoluut, een of ander algemene opsiener iewers, wat vir ons sê wat ons kan doen. En as dit net nie saamstem met wat hulle dink, of so-iets soos daardie nie, dan: "Dis uit. Dis nie van God nie." O, goeiste! Wat 'n verskriklike ding is dit! In watter gemors het ons beland! Geen wonder ons is hierbuite aan die uitroep vir herlewing nie. En die hemele is gevul met Pinksterkrag, en ons kan nie daarby uitkom nie. Dis reg. Is omdat ons God se Absoluut verwerp het. Reg.

169 Die openbaring van Christus: "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk sal Dit nie oorweldig nie." Dis die Absoluut. En die Woord van God is Sy Absoluut. "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is, het dit aan jou geopenbaar. En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou." Sien? 'n Regte absoluut!

170 Maar, julle sien, ons neem iets anders as 'n absoluut. As ons denominasie teen die Woord praat, dan neem julle die denominasie se woord daarvoor. Julle moet dit nie doen nie. Ek probeer myself duidelik maak, oor my oortuigings. En ek's . . . Die afsluiting van hierdie diens, probeer ek vir julle die rede gee waarom ek opgetree en die dinge gesê het wat ek het, omdat ek lank gelede Christus as my Absoluut geneem het.

171 Die eerste kerk waarby ek aangesluit het, was 'n Baptiste kerk, en ek is lief vir daardie broers. Hulle was gaaf. Maar, toe dit die punt bereik het waar ek iets moes doen wat teenstrydig was met hierdie Skrif, was God se Woord eerste, want ek was verbind met daardie Woord. Reg. Niks teen . . . Toe Dr. Davis na my toe gekom het en wou hê ek moes 'n sekere ding daar doen wat absoluut onskriftuurlik was, en ek dit na hom toe geneem het, het hy gesê: "Dit was vir 'n ander tydperk, nie vir hierdie een nie."

172 Ek het gesê: "Ek is verbind met die Woord. 'Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne die Waarheid wees.'"

173 Dit was my Absoluut. En van . . . Dit was dertig jaar gelede, of meer, en ek is nogsteeds op daardie selfde Woord. En daar wil ek lewe en sterwe, Dit as my Absoluut. Op daardie voorwaarde het ek Christus aanvaar.

174 En nou, dit is nie omdat jy wil verskil nie. Nie omdat . . . want, hierdie week, het ek 'n paar baie harde dinge gesê. En as ek dit gedoen het net om te verskil, dan behoort ek na die Absoluut toe te gaan, ek . . . [Leë kol op band—Red.] Ek—ek het 'n—'n belydenis by die altaar nodig. Maar hoe kan julle my vra om te bely, en ek julle die Waarheid vertel het? Dis reg. En God het dit ondersteun en gewys dat dit die Waarheid was, deur die Woord, en die lewende Woord. Sien? Dis presies waar.

175 Nou, dis waarom ek gesê het, en die dinge doen wat ek doen. Dit mag teenstrydig wees met ons verskillende organisasies en stelsels. Dis nie omdat ek wil kant kies vir een, of wil kant kies vir die ander een nie. Want, ek het uitverkoop aan een ding.

176 Toe ek gered is, of Christus met my hart begin werk het, het ek afgegaan na die Katolieke kerk, want my mense, Iers en Katoliek. En ek het opgelet die manier waarop hy dit gesê het; dit het nie reg geklink nie. En ek het van plek tot plek gegaan. En uiteindelik, het hy gesê: "God is in Sy kerk."

177 Wel, as God in Sy kerk is, watter kerk is dit? Hier's . . . Wel, sê hulle: "Dis—dis ons kerk." Wel, watter een van die Katolieke

kerke? Julle onthou, hulle is ook almal opgebreek. Ja, meneer, almal verskillend. Party trou, en party nie, en party Grieks, party Ortodoks, en, wel, daar's net verskillende soorte, Rooms. Party aanvaar die pous, en party nie. Sien, dis ook opgebreek. Watter een van daardie kerke, is dan, reg? Waar kan jy enige geloof plaas? As jy 'n Katoliek is, en die kerk glo, watter kerk is dit dan? Watter een van julle Katolieke kerke is dit?

178 As jy Protestant is, sê jy: "Wel, wel, watter—watter een van hulle is reg? Metodis, Baptis, Lutherse, Presbiteriaans, wel, watter is reg?"

179 God is reg. Sy Woord is reg. Ander is nie reg nie. As dit is . . . Dis reg solank as wat hulle by die Woord bly. Maar wanneer jy die Woord verlaat, dan verlaat jy God. Want, God waak oor Sy Woord, om Dit te bevestig. Hy moet Dit werklik maak. Hy moet Dit laat optree. Dis hoekom julle mense honger is vir 'n herlewing. Dis tyd vir hierdie dinge om hier te wees. As julle my ooit geglo het om te weet waarvan ek praat, moet julle dit aanvaar. Die uur is nou hier.

180 Maar, die probleem daarmee is, ons het soveel absolute, ons weet nie waaraan ons verbonde is nie. Amen.

181 Nou voel ek godsdienstig. Sien? Reg. Ek wil dit uit my gestel uitkry. Reg.

182 Ons het soveel verbintenisse, een wat *hierdie* kant toe trek, en een *daardie* kant toe, en een teen die ander. Hoe weet mense wat om te doen? En die druk van die Heilige Gees wat neerdaal, wat 'n plek probeer vind om Homself in te beweeg, dat Hy kan werk, Woord vir Woord, Woord vir Woord.

183 Nou, julle Pinkstermense glo, toe die gawes begin herstel is aan die kerk, van die doop van die Heilige Gees, en praat in tale, en julle het net daarby gebly. Julle het dit geglo. Nou, dis goed. Maar hoekom stop julle daar? Sien? Hoekom het julle daar gestop?

184 Toe Israel op die reis na die beloofde land was, en toe hulle in die woestyn gestop het, het hulle daar gebly vir veertig jaar; en net 'n dagreis ver van elke belofte, die hele, volledige beloofde land.

185 En die Pinkstermense, toe hulle oorgegaan het, gedans en geskree het soos Miriam en hulle, toe hulle die woestyn getref het, het hulle dieselfde ding gedoen wat Moses gedoen het . . . of nie . . . Israel gedoen het. Hulle wou 'n wet hê. Genade het alreeds alles voorsien. Hulle wou iets hê sodat hulle doktore, en Ph.D's en LL.D's kon hê, en hulle het dit gekry. En hulle het daar gereis tot elkeen van hulle gesterf het. Reg.

186 En God het twee manne geneem en hulle oorgestuur: Kaleb en Josua. Wel, hulle het net omtrent—net omtrent veertig myl se reis gehad, wat hulle moes loop. Wel, hulle was net 'n dag of twee

se reis van daar af. Maar hulle het veertig jaar hieragter gewag, tot hulle al daardie goed uit hulle uitgekry het, tot al daardie mense uitgesterf het.

187 Wel, dis net omtrent tyd vir 'n verandering nou. Ons—ons het begin organiseer, dieselfde ding te doen waaruit ons uitgekom het, en dit reguit teruggebring, en *hierdie* 'n ankerpunt gemaak, en *hierdie* 'n absoluut. "En as hulle Dit nie net presies *so* glo nie, prys God, is hulle glad nie eers Daarin nie." So wat het julle gedoen? Stilgesit en lidmate gemaak.

188 En wat weet die lidmate? Blaai in die Woord van God, en hulle sien iets gebeur, wat presies die Woord van God is, wel, weet hulle nie watter kant toe om te draai nie. Hulle gaan vra 'n biskop of 'n presbiter: "Wat is *dit*, en wat is *dat*?"

189 Wel, dit laat my dink aan 'n klomp broeikas-hoenders. Ek het altyd jammer gevoel vir 'n broeikas-hoender. Hy, hy sou "tjirp, tjirp," en het geen mamma om na toe te gaan nie. Hy is uitgebroei deur 'n masjien.

190 Dis hoe baie van hierdie predikers in hierdie dag is: uitgebroei deur 'n groot masjien. Skree oor God, en weet nie eers wat die Ding is nie. [Leë kol op band—Red.]

191 Hy was absoluut. Hy was verbind met God, en God was die Woord, en God het dit deur Hom bewys. Sien? Maar daar is ons vandag. Sien? Ons het te veel absolute, en nie die regte absoluut nie. Sien? Daar is net een Weg, en dis Jesus. Jesus het gesê: "Ek is die Weg." En Jesus en die Woord is dieselfde ding.

192 En nou het God geprofeteer in hierdie laaste dae, van wat gaan gebeur. Hy het hierdie dinge in die laaste dae belowe. Jesus het hulle belowe: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Al die Skrifte wat Hy belowe het vir die laaste dae, en ons lewe reg in daardie tyd. En God, die Heilige Gees, beweeg oor die mense.

193 En die enigste ding wat julle wil doen, is dans in die Gees en praat in tale. Dis al waarvan julle weet. Dis al, die saad, is geplant. Wat ons nodig het, is die volle Evangelie, geplant in 'n vol hart, met volle krag, om 'n volle absoluut te bring. Wat is fout?

194 Het julle al ooit gedink wat Israel daar in die woestyn gedoen het? Hulle het met vroue getrou. Hulle het kinders grootgemaak, en oeste, ensovoorts, die babas gesoen, en die dooies begrawe, en die jonges getrou. God het hulle geseën en hulle was voorspoedig, maar hulle was steeds buite die beloofde land.

195 En dis hoe Pinkster vandag is. Veertig jaar gelede, sou julle nie gedink het julle. . .Jou moeder en vader sou 'n spasma gekry het, as hulle gedink het jy sou in hierdie toestand beland. Sekerlik.

196 Daardie oumense het geanker aan daardie Absoluut, en vasgehou aan daardie Woord, ongeag van wat dit was. Daar's geen denominasie, presbiters, distriksmanne, of biskoppe, wat vir hulle enigiets daaroor sou sê nie. Hulle het gewandel in die Gees, en uitgegaan en wonderwerke gedoen en dinge gedoen. Hulle het Azusastraat-dienste oral aan die gang gehad, dienste onder die bome.

197 En, wel, jy kan nie eers meer manne op die straathoek kry om te getuig nie. O! Sien? Wat het ons? Dieselfde ding wat Israel gehad het.

198 Nou, daar het 'n kêrel daar opgestaan aan die endtyd, en begin om te wys, na veertig jaar: "Daar is 'n hele land vol seëninge daar oorkant. En die hele . . . " Want, die uur het aangebreek, dat God hulle sou oorneem.

199 Die uur het nou aangebreek, wat Hy 'n Kerk gereed wil maak. Ek gaan hierdie sê met 'n profetiese stem, vertrou ek. Ek sê dit nie in die Naam van die Here nie, maar ek glo hierdie is waar. Die Wegraping, julle sal van die Wegraping praat, wanneer die Wegraping al vir 'n lang tyd verby is. Ja. Julle sal sê: "Prys God, die Wegraping kom." Dis klaar verby.

Het Jesus nie gesê van Johannes nie?

200 "Hoekom sê die skrifgeleerdes dat Johannes, eers? Of, hoe het hy gesê dat Elía eers moet kom?"

201 Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom en julle het dit nie geweet nie. Maar julle het net presies gedoen wat julle gesê het hy sou doen."

202 Eendag, sal daar 'n oordeel oor die aarde kom. En die eerste ding waarvan julle weet, gaan julle mense hier hê wat gaan soek na die Wegraping, en hulle sal al lankal weg wees. Dit sal so in die minderheid wees. Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens. Soos dit was in die dae van Lot!"

203 Ons dink hierdie groot klomp kanonvoer hier, atoom-as, sal gaan. Dit sal net gaan as dit die Lewe van Christus daarin het, want God sal dit opwek. Dis reg.

204 Daar sal 'n Wegraping wees. Julle dink, twee of drie mense *hier*, en een *hier* oorkant. En op 'n ander plek, iemand wat vermis word, gedink hulle het van die huis af weggeloop. Hulle, beter versigtig wees, hulle mag weg wees. Soek na 'n Wegraping, en dis alreeds verby. Nou, dit is nie teenstrydig met die Woord nie. Nee, dit is nie. Hy kom soos 'n dief in die nag. Sien? Hulle sal weg wees voor jy dit weet.

205 God plaas Sy—Sy groot krag buite in die Kerk, en dit neem nie 'n baie groot groep in nie. Dit neem 'n minderheid. "Moenie vrees nie, klein kuddetjie. Julle Vader het 'n welbehae . . . " Julle

wat aan die Absoluut vashou, dis reg, met die bevestiging van God wat daarin werk.

206 So, julle sien, ons lewe in 'n vreeslike tyd, en dis wat, daardie druk wat op die kerk is. Wel, julle wil iets sien. Julle wil iets sien. Maar, nou, hoe kan God ooit oor Sy Woord waak, om Dit te bevestig, en die persoon wat nie daardie Woord glo nie en Dit nie in hulle hart wil ontvang nie? Hoe kan die son op 'n saad skyn en dit lewendig maak, as dit geen lewe daarin het nie? Dit moet 'n bevrugte saad wees. So, 'n geloofbelydenis is bevrug om meer lidmate te maak.

207 Maar die Woord is bevrug om heiliges te maak, gelowiges te maak. Dis reg. God werk om Sy Woorde voort te bring. Hy—Hy waak Daaroor, om Dit te bevestig. Ja, meneer.

208 Nou, nou, sekerlik, die Katolieke kerk neem hulle anker, hulle noordster, en vir hulle prestasies. En dis wat die pous sê, is onfeilbaar vir die Roomse kant van die Katolieke kerk. Die Protestante, 'n biskop, een of ander geloofsbelydenis. "Dis teen ons geloofsbelydenis." En party van hulle is teen die verskillende dinge, hulle denominasionele gelowe, ensovoorts.

209 Julle weet, ek voel soos Paulus hier gesê het. Ek kyk na 'n Skrif in Handelinge 20:24. Hy het gesê: "Niks van hierdie dinge beweeg my nie." Amen. Hoekom? Want hy was geanker. Hy het 'n absoluut gehad. "Vandat ek Hom ontmoet het, op die pad na Damaskus," as ek met Paulus kon praat: "het Hy my omgedraai, my laat teruggaan in die regte rigting. Ek was van die Woord af. Hy het my teruggesit op die Woord." Ja, meneer.

210 Luister. Ek voel ook so. Ek voel dat enigiemand wat gebore is uit die Gees van God, wat God liefhet en Sy Woord liefhet, God 'n doel daarmee het. God het 'n doel gehad om Paulus om te draai. Het Hy nie gesê: "Ek gaan wys in hom" Sy glorie, nie?

211 God het 'n doel gehad toe Hy my gered het. Ek is vasbeslote om Sy wil te doen: "Nie Daarby te voeg of Daarvan weg te neem nie." Openbaring 22:19 het gesê: "Wie ook al dit sal doen, sy deel, sal uit die Boek van die Lewe verwyder word."

212 Ek is vasbeslote om nooit een ding van my eie opinie by daardie Woord te voeg nie. Ek is vasbeslote om Dit te lees net soos wat Dit is, en—en God te vra dat ek my hart sal oopmaak om Dit te ontvang. "Doen Dit deur my, Here, dat ander mag sien. Mag Dit sout word en iets wat werklik is, dat ander mag sien." Ja, meneer.

213 Nou, as Hy ons Absoluut is, kan daar geen ander absoluut wees nie. Jy kan nie hê, sê: "Wel, my—my kerk is my absoluut. My geloofsbelydenis is my absoluut," nie. As Christus jou Absoluut is, glo jy Christus se Woord. Daar's geen ander manier om dit te doen nie.

214 Julle weet, ek dink aan die tyd toe Hy my gered het. Ek sal julle vertel hoekom ek staan soos ek staan; nie om anders te wees nie. Ek het myself duidelik gemaak daaroor, ek hoop ek het. Maar ek. . . Toe Christus my gered het, was daar miljoene mense wat in sonde rondgetas het. Toe Hy my gered het, het Hy 'n doel daarmee gehad. Hy het 'n doel gehad om my te red. Hy het net 'n ignoramus soos ek gesien, en—en, op een of ander manier, toe daar baie slim manne was, manne wat beter in staat was, manne wat dit kon doen. Ek hier, met skaars 'n graad-sewe opvoeding, wanneer daar manne was wat in die skool gestudeer en grade verwerf het, en doktors van—van godsgeleerdheid en filosofie, ensovoorts. Maar toe Christus my gered het, het Hy 'n doel daarmee gehad, of Hy sou my nooit gered het nie.

215 Luister, broers. Ek is lief vir julle, en julle weet dit. Maar ek is vasbeslote in my hart dat ek nooit sal teruggaan op daardie Woord nie. Ek sal net daar bly. Dis my Absoluut, waaraan ek verbind was, al hierdie jare. Nou, Hy het 'n doel daarmee gehad. Dis reg. En ek beplan om daardie doel te vervul, om by daardie Woord te bly; nie om anders te wees nie, nie om gemeen te wees nie, maar om eerlik en opreg teenoor God te wees. Dis reg.

216 Nou, julle weet, Christus se dood het 'n absoluut daaraan gehad. Almal was bang vir die dood, selfs die groot profeet Job. Baie van die mense was bang vir die dood, 'n vrees. En mense was altyd bang daarvoor. Maar toe Christus gekom het en die dood op Hom geneem het, het Hy 'n Absoluut geword vir diegene wat die dood gevrees het. In Hebreërs 2:14-15: "het Hy die vorm van die mens deelagtig geword," om te sterf soos 'n mens, om die prys te betaal. Maar, op Pase, het Hy uitgekom met die sleutels van die dood en die hel. Hy het dit oorwin. Hy het gekom, Hy het gesê: "Moenie bevrees wees nie. Ek is Hy wat dood was, en vir ewig lewe."

217 En ons Absoluut is op Hom, dis reg, in Hom. En Hy was die volmaakte Woord van God. Hy was so volmaak dat, toe Hy Sy Woord gespreek het, dit geskep het. Dit het die winde gestop. Dit—dit het broodjies gemaak, en vis gaargemaak, net deur Sy Woord. Sien? Daar was geen hindernis nie. Hy was so volmaak. Hy het gesê die Woord en Hy was Een.

218 Hy was God se liefde, in Johannes 3:16. 'n Liggaam voortgebring, nie gebore deur seks, onder die val nie. Maar is gebore deur 'n skeppingskrag van God, wat God Self in hierdie liggaam gewoon het en Sy Woord uitprojekteer het. "En God was in Christus om die wêreld met Homself te versoen," om 'n absoluut vir enige gelowige te maak. En Hy het na Sy graf toe gegaan, met 'n vrag sonde op Hom, en die prys betaal. En opgestaan op Paasoggend, met die sleutels van die dood en die hel. Dis 'n absoluut vir enigiemand wat die dood vrees.

219 Laat ek dit sê. Ek weet nie hoeveel Boodskappe ek nog het om te preek voor ek gaan nie. Maar as jy 'n regte gelowige in God is, en wedergebore is, moenie bang wees vir die dood nie. Dis amper die beste ding wat met jou kan gebeur. Paulus het gesê: "Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins." Sekerlik. Dis . . . Moet nooit die dood vrees nie. Twee Thessalonicense: "Ons word weggevoer saam met ons geliefdes, om Hom in die lug te ontmoet." Wat 'n belofte! Watter absoluut is dit, om in Christus te glo, om my hart "amen" te laat sê op elke Woord in Sy Boek!

220 Wat Hy sê, Dit glo ek ook. Dit weet ek, dat die Heilige Gees my Kompas is, want Dit lei my na Sy Absoluut, sien, Sy Noordster; na Hom, die Noordster. Hy is my Absoluut, my Son, my Anker, my Noordster. O, goeiste!

221 Hy is so anders as ander wat ek sien, daar is altyd iets wat trek, een of ander toutjie wat jy moet trek. Maar, Hierin hier, trek jy niks. Die enigste ding, dit word afgebring na jou toe. Dis die Absoluut. Christus is ons Absoluut.

222 Kyk hoe verskillend is Sy Woord. Daardie Woord is van ouds af. Die Nuwe en Ou Testament stem ooreen met mekaar, soos 'n swaelstert-voeg, stuk plank wat bymekaarkom. Daar is niks buite orde nie. Baie manne het daardie Boek geskryf, daardie ses-en-sestig boeke van die Bybel. Hulle het dit in die bestek van honderde en honderde jare uitmekaar geskryf, sonder dat die een die ander geken het. En wat het gebeur? Jy kan nie een Woord die ander een laat weerspreek nie. Reg. Dis die rede.

223 Ek het mense hoor sê: "Die Bybel weerspreek Ditself." Ek sal oor hierdie Verenigde State preek vir 'n jaar aanmekaar, en die predikers offerhandes laat opneem en dit alles vir jou gee, as jy my sal wys waar God se Woord Ditself weerspreek. Reg. Ek het daardie aanbod vir jare gemaak. Niemand het dit nog ooit aanvaar nie. Nee. Want, Dit weerspreek Dit nie. Dis jou eie klein grondboontjie brein, wat jy—jy Dit iets laat probeer sê wat Dit nie sê nie. Reg. Nee. God se Woord weerspreek nie Ditself nie. Hy is, dis . . .

224 Nou, denominasies sal mekaar weerspreek. Hulle is soos hierdie ander sterre, julle sien. Hulle sal ronddryf, elke keer, soos die wêreld. Hulle sal draai in die wêreld, en om die wêreld. En die wêreld draai en laat hulle heeltemal deurmekaar raak.

225 Maar dit draai nooit weg van God se Noordster, Sy Woord af, waarnatoe Dit wys nie. Dis altyd dieselfde: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Dis die Absoluut. Dis die plek.

226 Jy kan na *hierdie* hier kyk. Vandag is dit hier, en môre glo dit iets anders. Volgende dag, is dit oorkant, op 'n ander plek. Dis die manier. Dis wispelturig, in-en-uit, uit-en-uit, en in-en-in, ensovoorts.

227 Maar, jy jou hart reg op God se Woord sit. "En hemel en aarde sal verbygaan, maar Dit sal nooit verbygaan nie." Dis die Absoluut. Dis die vaste Fondament. Dis—dis my Kompas, my Seil. Dis my Gids. Dis my Lig, is op daardie Absoluut van God se Woord. Ek is daar, Ewiglik, verbind met Hom. Amen. Ander kan doen wat hulle wil; dit hang van hulle af. Maar, vir my, is dit hierdie Absoluut. Ek wil dit hê as my Absoluut. Mag skuif en draai, ensovoorts, maar nie Sy Woord nie. Dit sal altyd dieselfde bly. Hy bly altyd getrou aan Sy Woord. Maak Hom nou jou Absoluut.

228 In die tye van my probleme destyds daar, toe ek my familie verloor het, en my lewe amper van my weggeneem is. My dogtertjie het gesterf, terwyl ek vir haar gebid het, en nadat ek uit was op die strate, dag en nag, om te preek en te bid, en probeer doen het wat reg is. Julle het na my lewensverhaal geluister. Baie van julle het dit gelees. En, my, dit het 'n punt bereik, tot ek—ek my vrou sien sterf het, reg . . . en terwyl ek haar hand vasgehou het. Ek . . . My babatjie het siek geword, 'n paar ure daarna. En ek het daar gekniel en gebid, met alles wat in my was. Gelyk soos 'n swart laken wat afkom, en geweier om my gebed te antwoord.

229 Toe het Satan na my toe gekom en gesê: "Jy sien, jy is net omtrent twintig jaar oud. En hier, jy, wat jy alles gedoen het! En, jy, jy het jouself verwaarloos. En jy het al hierdie dinge gedoen. Jy—jy het jou hele jong lewe opgeoffer, omtrent, terwyl jy moes uitgegaan het en 'n lekker tyd hê soos die res van die jongmense. En hier het jy op die straathoek gestaan, besig om uit te roep en te bid. Jy het heelnag op 'n slag aangehou, in die hospitale, uur na uur. En wanneer dit by jou eie bloed en vlees kom, weier Hy om na jou te luister." Dit was eenkeer wat ek versoek was.

230 Maar ek het net onthou. "Ek het 'n Absoluut. Al maak Hy my dood, tog sal ek Hom vertrou. Ek gee nie om wat kom of gaan nie."

231 Die staatsenator van Indiana, Sam Isler, hy het ook gekom. Hy het na die tabernakel toe gekom. Hy is nou ook al omtrent twee jaar oorlede. Goeie man. En hy het altyd . . . Hy het in die pad afgekom.

232 Ek was oppad, om te bid, bo by die graf waar vrou en babatjie gelê het. Dit was net na die '37 vloed. Ek het 'n paar stewels gehad, en ek het in die pad afgeloop, aan die huil.

233 Klein Billy, my seun, was ook net op sterwe. En die dokters het klaar gesê daar kon kwalik nog iets vir hom gedoen word. En—en hy het een of ander soort disentrie gehad wat hulle nie kon stop nie, 'n infeksie.

234 En ek het gehuil, gebid, en ek het gedink. Wel, ek het steeds aan God vasgehou. Ek het in die pad afgegaan, aan die huil.

235 Ek het gedink ek sal soontoe gaan en luister. Ek het altyd daarbo gesit, in die aand, langs die graf. Ek het 'n ou duif daar

gesien wat afkom en begin sing het. Ek het die denne hoor waai, en die—die—die winde deur die—winde deur die denne, liewer. En dit het geklink asof hulle sê:

Daar's 'n land oor die rivier daar,
Word genoem die soet' hiernamaals;
En ons kom in daardie Land net deur geloof.
Een vir een sien ons die poorte,
Te vertoef by dié onsterflik,
As die goue klokke lui vir jou en my.

236 Ek sou daar staan, huil, en opkyk. En ek sou vir die vrou en babatjie sê, ek sê: "Ek—ek weet dat julle nie hier lê nie. Hierdie is net waar ek die oorskot geplant het wat ek in my arms gehou het. Maar êrens, oorkant die rivier, julle is daar."

237 So, maar, sien, ek—ek het opgegaan na daardie plek toe, eendag, om bo langs die graf te sit. Het 'n paar stewels aangehad, aangestap. 'n Ou motor het van agter af gekom, gestop. Dit was Mnr. Isler, die staatsenator. Hy het uit die motor uitgespring. Omgedraai en teruggekom. Sy arms om my gesit, gesê: "Billy, ek is so jammer."

Ek het gesê: "Dis alles reg, Broer Isler."

238 En hy het gesê: "Ek—ek moes nie gestop het nie." Hy het gesien ek huil.

Ek het gesê: "Dis alles reg, Mnr. Isler."

En hy het gesê: "Ek gaan jou iets vra, seun."

Ek het gesê: "Goed. Vra my maar."

239 Hy het gesê: "Ek het jou daar op daardie preekstoel sien staan tot ek gedink het jy gaan sterf." Gesê: "Ek het jou gesien vas tot jy so uitgeput was dat ek jammer gevoel het vir jou, en," gesê: "in-en-uit, en in-en-uit, dag en nag." Hy het gesê: "En jou vrou en babatjie dan daarbinne, sien, jy wat na daardie dinge gekyk het." Hy het gesê: "Wat beteken Christus nou vir jou?" Ek het gesê:

U die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op die aarde behalwe U?
Of wie in die Hemel soos U?

240 Sien, ek het daardie Absoluut gevind, daardie Iets wat my vasgehou het toe die storm gewoed het.

241 Iemand het vir my gesê, gesê: "Billy, het jy jou godsdiens gehou gedurende die tyd van jou probleme?"

Ek het gesê: "Nee. Dit het my gehou." Sien?

242 Dis wat dit was. Ek was verbind met Hom in die ure wat my krag uitgeput was, en daar niks was wat ek kon doen nie. My anker het gehou oorkant agter die sluier van Sy Woord.

243 Waar, ek dit partymaal nie verstaan nie. Partymaal dink ek: "Wat laat my die dinge doen wat ek doen?" Daar is Iets binne-in my, wat my laat pols. Ek kan nie help om dit te doen nie, broer.

244 Ek het na Phoenix toe gekom, nou die dag, met 'n vasbeslotenheid dat ek nooit weer teen enige organisasie sal uitvaar nie. Voor jy jou kom kry, het 'n visioen voor my getref, die eerste aand, en ek het myself na die woestyn sien draai. Iets het my omgedraai, vir my 'n yslike groot, ou, koue kerk gewys, gesê: "Bly *daar*, voor jy *soontoe* gaan." O, goeiste! Daar is iets wat ek nie kan help om te doen nie. Dis 'n absoluut wat binne-in my is. Dis meer as my lewe, vir my. Ja. Ek kan dit net so min verander as wat ek die kleur van my oë kan verander. Ek kan dit nie doen nie.

245 Nou, deur Sy genade, is ek verbind met Hom, die Een wat gesê het, soos Hy het in die dae van Moses: "EK IS."

246 Moses, julle weet, hy het 'n absoluut gehad. Toe hy daaronder was, het hy al die teologie gehad wat 'n man kan hê. En hy het hard probeer. Hy was 'n militêre man. Hy het by die vensters uitgekyk. En deur geloof. . . Luister. Nou, onthou. "Deur geloof, het Moses die smaad van—van Christus groter rykdom geag as die rykdomme van Egipte." Hy het geloof gehad in wat hy gedoen het. Hy het dit absoluut geglo. Hy het geweet dat hy opgerig is vir daardie doel. Maar hy het gefaal. Hy het uitgegaan om met skape te boer. En hy het gefaal.

247 Maar eendag, agter aan die agterkant van die woestyn, het hy by 'n Absoluut gekom. Hy het 'n punt bereik waar hy Iets ontmoet het wat eg was. Daar was 'n bos aan die Brand. Hy wou nie die blare neem en afgaan na die laboratorium toe, om die rede te sien hoekom hulle nie gebrand het nie. Hy het net Daarby gaan sit. "Trek uit jou skoene, Moses."

248 "Ek sal afgaan en my pastoor vra: 'Wat van Dit?'" Hy het nie tyd gehad om dit te doen nie.

249 Hy moet sy skoene uittrek. En toe hy Daarbinne gehoor het, daar was die Woord van die lewende God, wat in daardie bos was. "EK IS WAT EK IS. Ek het My belofte onthou wat Ek aan Abraham gemaak het. Ek onthou My verbond, en Ek het afgekom om hulle te verlos."

250 Nou, toe, het hy 'n Absoluut gehad. Hy was daaraan verbind solank as wat hy gelewe het, en dit het hom Hemel toe geneem. Hy was verbind met daardie Absoluut, maak nie saak wat enige van die teoloë gesê het nie. Hy het nie enigiemand nodig gehad om Dit vir hom te verduidelik nie. Hy het Dit geweet. Hy het God ontmoet, en die Stem, daardie groot Vuurkolom wat hom deur die woestyn gelei het, en reguit aan na die beloofde land. Daardie Vuurkolom daarbinne, het 'n Stem Daarin gehad, en daardie Stem was die Stem van God wat die Woord bevestig het. Amen.

Ek hoop julle is nie nou aan die slaap nie. Let op.

251 Daardie Vuurkolom het die Woord gespreek, en Dit bevestig, om Dit te wys dat hy die Skrif aangehaal het. "Ek is die God wat die belofte aan Abraham gemaak het. Ek is die Een. Dis wat fout is met Israel. Dis wat fout is daaronder. Ek onthou My belofte, en Ek het afgekom om toe te sien dat dit gedoen word."

252 God gebruik net die mens, om mee te werk. Hy gebruik nie organisasies nie. Hy gebruik nie masjienerie nie. Hy kon dit gedoen het. Maar, Hy het 'n man gekies. Dis reg. Hy kon die sterre, die wind, of enigiets gekies het, om die Evangelie te verkondig. Maar, Hy het die mens gekies. Hy verander nie Homself nie. Hy is altyd dieselfde.

253 Hy het Bloed vir verlossing gekies. Geleerdheid, of niks anders, sal ooit Sy plek inneem nie. Bloed is God se geskikte manier van verlossing. Dis waar.

En nou, wil ek hê julle moet oplet, Hy kan nie verander nie.

254 Toe Hy met Moses gepraat het, het Hy gesê: "Moses, Ek gaan jou soontoe stuur. Maar, voor jy gaan, wil Ek aan jou bewys dat Ek God is." Gesê: "Wat het jy daar in jou hand?"

Gesê: "'n Stok."

255 Gesê: "Gooi dit neer." En dit het in 'n slang verander. Hy het dit weer opgetel. Dit het weer, 'n stok geword.

256 O, toe Moses 'n punt bereik het waar die nabootsers opgestaan het, om te probeer naboots! Toe hy sy staf neergegooi, en gesê het: "Hier, Farao, ek sal vir jou wys wat God vir my gesê het om te doen. Ek sal hierdie staf neergooi, en kyk hoe dit in 'n slang verander." Dit het.

257 Farao het gesê: "Ek het ook daardie kêrels. My denominasie kan dit produseer." So, hulle het soontoe gekom en 'n paar nabootsers gekry.

258 Wat het Moses gedoen? Hy het net daar gestaan. Hoekom? Hy het God ontmoet. Hy het geweet dit was God. Hy het sy deel gedoen. Dan is dit God se tyd om te beweeg. Hy het net daar gebly.

259 Die Bybel het gesê dieselfde ding sal in die laaste dae gebeur: "Want soos Jannes en Jambres Moses teengestaan het." Dis waar. Sien?

260 Maar hy het daar gestaan. En toe het hy die hand van God sien afkom, en daardie slang het die res van hulle ingesluk. Het julle ooit gesien wat met daardie stawwe gebeur het? Hulle was in die maag van hierdie een staf. Moses het die kinders van Isarel deur die woestyn gelei, met daardie selfde staf, met al daardie slange daar binne-in, neem ek aan.

261 Hoekom? Weet julle hoekom? Toe Moses hierdie brandende bos ontmoet het, julle weet, en daardie brandende bos gesê het,

bewys is as God. Daardie Lig, daardie Vuurkolom, dit is bewys as God. En ek glo dat God in Moses ingekom het, want, hou hom dop in sy skeppingskrag. Moses het toe geskyn met die Vuur.

262 Julle weet waarheen ek nou gaan, nie waar nie? Sekerlik, soos Pinkster.

263 Let op, Moses het die Vuur gehad. Die Vuur was in Moses. Want wat Moses ook al gesê het, dit was nie Moses nie. Dit was God wat gespreek het. En hy het sy teken gedoen, omdat die Vuurkolom die bos verlaat het en op Moses gekom het. Amen.

264 O, broer, sien jy wat ek bedoel? Daardie selfde Jesus wat opgegaan het, het weer teruggekom op die Dag van Pinkster, in die vorm van die Heilige Gees en Vuur. Dit behoort op die mense te wees, besig om dieselfde ding te doen wat Hy gedoen het, want Hy het gesê Dit sou dit doen. Waar is ons? Sien wat ek bedoel? Moses, die Vuur was in Moses. Dit het die bos verlaat, op Moses gekom.

265 Ons probeer die Vuur in die vuuroond sit. Dis omtrent al wat ons het. Wat ons nodig het, is die Heilige Gees Vuur, daardie selfde Vuurkolom wat Israel gelei het. Sekerlik.

266 O, sê julle: "Nou, Broer Branham, ek sou versigtig wees daaroor."

267 Nou, wag 'n oomblik. Toe Paulus, die groot teoloog, wat baie ondervinding gehad het, maar op die pad na Damaskus, en hy is neergefel. Hy het opgekyk en daar was daardie Vuurkolom. Hy het geweet dit was God. Hy het Dit gesien bevestig word in die Bybel, dat Dit God was. En hy het Hom: "Here" genoem. Gesê: "Here, Wie is U? Wat kan ek doen?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus."

268 Dit het dit afgehandel. Paulus het 'n Absoluut gehad. Hy het geweet dat die God van die Ou Testament, Jesus Christus van die Nuwe was. Daar is hy geanker, en niks moet hom beweeg nie. Seker. Hy het die bevestiging gehad. Hoekom? Dieselfde Vuurkolom wat Sy mense uit Egipte uitgelei het na Israel, na Palestina, daardie selfde Vuurkolom het daar gestaan en aanspraak gemaak om Jesus Christus te wees. Toe het hy geweet waar hy was. Toe was hy gereed. Gou as wat hy genees is en gevul is met die Heilige Gees, was hy gereed om te gaan. Sien?

269 Maar, hy het 'n Absoluut gehad. Dit het by hom gebly, voor Agrippa en al die groot manne van daardie dae, en vroue. Hy het daar gestaan en pleit vir die Woord. Hoekom? Hy het geweet dat die Woord God was.

270 Wie het die boek van Hebreërs geskryf? Paulus, verseker. Hy was geïnspireer om dit te doen. Maar hoekom? Daardie Vuurkolom wat hom ontmoet het, was in hom. Dis hoekom hy kon skryf.

271 Dis hoekom Moses die eerste vier boeke van die Bybel geskryf het, as gevolg van, daardie Vuurkolom. Hoe sou hy ooit geweet het hoe die skepping begin het? Hoe sou hy ooit van die ander geweet het? Omdat, daardie selfde Vuurkolom wat in hom was, wat op die bos was, van die bos afgekom het en op hom was. En dit is bevestig en bewys dat Dit was. Korag en hulle wou 'n organisasie Daarteen begin, maar dit het nie gewerk nie. Dit het misluk. Moses het daardie Absoluut gehad.

272 Paulus het dieselfde Absoluut gehad, dieselfde Vuurkolom, dieselfde Heilige Gees, dieselfde God, nie die "Ek was," of "Ek sal wees" nie, Die "EK IS," uh-huh, teenwoordige tyd, altyd.

273 Josua het 'n Absoluut gehad. Dis toe hy die Owerste ontmoet het, die Leërowerste van Israel. En Hy het vir hom gesê om "rondom die mure te marsjeer." Hulle was heeltemal verskans. O, man, jy praat van moeilik om in te kom? Moeilik om 'n herlewing daarbinne te hou, want niemand wou hom inlaat nie. Hulle was heeltemal geslote, vir hom. Maar hy het die Owerste ontmoet. Hy het vir hom gesê wat om te doen. "Trek net die volle wapenrusting van God aan, en hou aan marsjeer." Amen. "Die mure sal omval." En toe die mense geskree het, en die basuine geblaas het, was dit sy absoluut. Hy het toe reg ingegaan vir sy veldtog, reg in na—na Jérigo. Verseker. Hy het 'n Absoluut gehad, die Woord van, van die Owerste.

274 Johannes, toe hy 'n jong man was, en hy het geweet hy moes oefen. Hy sou—hy sou die Messias moes bekendstel. Hy was die een. Hy het nooit geweet Wie Hy was nie. Hy was iewers. En Johannes het geweet hy kan nie net 'n kweekskool-ondervinding kry nie. Hy moes 'n Absoluut hê. Hy moes iets hê wat absoluut die waarheid was.

275 Nou, broers, ek wil vir julle iets vra. Predikers, nie om anders te wees nie, nie om gemeen te wees nie, maar om eerlik te wees, dink julle nie hierdie is 'n dag, in al hierdie chaos waarin ons lewe, wat ons moet wees—moet seker wees van hierdie ding nie? Daar's te veel verskille.

276 En Johannes het geweet hy moes absoluut seker wees, so hy het nooit na sy vader se skool toe gegaan nie. Daar is niks gesê dat hy teruggegaan het om te leer om 'n priester te wees nie. Maar hy het na die woestyn toe gegaan, en was in die woestyn totdat hy uitgeroep is.

277 Toe het hy gekom, en die skares het daar gestaan. Hy was so seker dat die Messias in sy dag was, want hy was die een wat verordineer was om hierdie Messias bekend te stel, want Maleági 3 het so gesê. "Ek sal My boodskapper voor My aangesig uitstuur. En hy sal die weg voorberei."

278 Johannes het geweet waar hy gestaan het. Maak nie saak hoeveel priesters sou sê: "Jy bedoel om die tyd te sê, wat

ons hierbo het, wat die daaglikse offerhande mee weggedoen sal word?"

279 Hy het gesê: "Daar sal 'n tyd kom wanneer die Lam van God sal kom, wat die offerhande sal wegneem." In die modder gestaan, met wangbaarde oor sy gesig, wat jy hom van jou huis af sou wegjaag vandag. Daar was . . . Sien?

280 God is nie in klas en glans, soos waarin ons Hom probeer sit, en ons Pinkstermense nie. God is in nederigheid.

281 Daar het hy gestaan. Hou hom dop. En hy het bekendgestel. Hy, hy het gesê . . . Hy was so seker dat Hy daar was, hy het gesê: "Daar is Een wat onder julle staan, vir Wie julle nie eers ken nie." O, goeiste! Wat 'n teregwysing! "Daar is Een onder julle, net nou, vir Wie julle nie ken nie."

282 Ek wonder of dit nie ontheiligend sal klink as ek hom net 'n oomblik naboots nie. Miskien moet ek liewer nie. Een onder julle, wat julle nie ken nie. Julle maak aanspraak dat julle Hom ken, maar julle ken nie. Gólgota, het hulle die einste God doodgemaak, wat hulle aanspraak gemaak het om te dien. Hulle het Hom nie geken nie.

Johannes het gesê: "Daar is Een onder julle, en julle ken Hom nie."

283 En eendag het hy daarbuite gekyk, en hy het absoluut 'n Duif sien neerdaal uit die Hemel, en 'n Stem. Niemand anders het Dit gesien nie. Niemand anders het Dit gehoor nie. Maar hy het Dit gesien, en Dit was 'n absoluut; nie Professor Jones, of iemand anders nie. Dit was: "Op Wie jy die Gees sien neerdaal en op bly, Hy is die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur." Dis die Goddelike bevestiging van God wat dit so maak. Dit was 'n absoluut. Daar was geen—geen vraag in Johannes se gemoed nie. Daar was dit, net presies wat God gesê het sou plaasvind. Daar was dit. So, daardie Duif op daardie gewone Man was—was Johannes se absoluut. Hy het geweet dit was die waarheid.

284 Nou gaan ek afsluit deur hierdie paar woorde te sê. Dink julle nie ons het 'n Absoluut nodig nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dink julle nie ons het iets werkliks nodig nie? Beslis. Ons het iets nodig, daardie iets wat jy kan sê: "*Hierdie* is Dit," jou hande daarop sit. "Hierdie is Dit," ons kan sien. Hoe gaan ons dit doen? Almal sê: "*Hierdie* is Dit. *Hierdie* is Dit." Maar dit moet Skriftuurlik wees, 'n absoluut.

285 Laat my net vir julle 'n persoonlike dingetjie gee voor ek afsluit. Broer, suster, toe ek my besluit gemaak het, van of ek wou bly by die Baptiste kerk, of wat. Dis net so goed soos enige—enige van hulle, vir my, net 'n klomp manne bymekaar gesit, wat goed is. Maar toe dit by 'n tyd gekom het waar hulle my moes sê dat ek moes toegee op die Woord, nou, dit, ek is nie daarvan gemaak nie. Nee. Sien? Die Woord is eerste. Sien?

286 "Wel," het hulle gesê: "as jy nie *dit* doen nie, kan jy nie meer aan die Baptiste kerk behoort nie."

287 Ek het gesê: "Ek behoort nie. Dit is nie die Baptiste kerk wat my gered het nie. Dit was Jesus Christus, sien, wat my gered het."

288 Hy is my Uiterste. Hy is my Standpunt. Hy is my Absoluut. Hy is my Ankerpunt. Daar staan ek.

289 Nou, as ek die verkeerde ding het, dan sal God dit nooit bevestig nie. Maar as jy die regte ding het, is God verplig om dit te bevestig. Daar het julle dit. En dis die bewys daarvan. Sien? As dit reg is, is God verplig om te bewys dis reg. As dit verkeerd is, sal Hy niks daarmee te doen hê nie.

290 So, ek onthou, na my eerste herlewing. Ek was onder op die rivier, besig om te doop. Ek het die sewentiende persoon uitgeneem. My vrou, net 'n klein dogtertjie wat op daardie tyd op die oewer gestaan het. (Ek was nog nie getroud met my eerste vrou, wat dood is, nie.) En daar was sy, op die oewer. En hulle het almal daar gestaan, honderde en honderde mense, ja, vier- of vyfduisend, miskien meer, op-en-af langs die rivieroewer, 'n baie warm middag in Junie.

291 Ek het uitgestap in die water, en ek het 'n kandidaat geneem, omtrent die sewentiende persoon, om hom te doop. Ek het omtrent vyfhonderd gehad, na my herlewing, om gedoop te word. En ek het uitgestap in die water saam met hierdie persoon. Ek het begin om my hand op te steek. Ek het gesê: "Hemelse Vader, soos ek . . . "

292 En omtrent daardie tyd, het Iets my geskud. Ek het gedink: "Waar is dit?" Ek het rondgekyk. Almal se hoofde was gebuig, o, sover ek kon sien. Ver agter op die oewers, was daar, o, motors en mense oral opgehoop oor die mure en goed. Ek het weer gekyk. Ek het 'n Stem hoor sê: "Kyk op." En ek was bang om op te kyk. Ek was net 'n kind. Ons het die foto Daarvan.

Ek het gesê: "Vader . . . "

Iets het gesê: "Kyk op."

293 Ek het my hand laat sak. Hierdie jong kêrel, wat ek moes doop, het my in die gesig gekyk. Hy het gesê: "Wel, Broer Bill?"

Ek het gesê: "Het jy Dit gehoor?"

Hy het gesê: "Nee."

Ek het gesê: "Hemelse Vader . . . "

Hy het gesê: "Kyk op."

294 Ek het opgekyk, soos *hierdie*. En uit die hemele het 'n Ligkolom afgekom wat sirkel, 'n Stem wat Daaruit kom, wat brul, met die afkom. Gesê: "Soos Johannes die Doper gestuur is om die eerste koms van Jesus Christus vooraf te gaan, so word jy gestuur." O God! Ek het daardie Lig dopgehou. Ek het Dit al, van 'n klein seuntjie af, gesien.

Ek het mense probeer vertel. Hulle het gesê: "Jy is van jou verstand af."

295 Maar die wetenskaplike navorsing, die oorlede George J. Lacy, toe hy ondersoek het, toe hulle die foto Daarvan geneem het, daar was Dit, net dieselfde. Dit het gewys op die foto. Wetenskaplike navorsing bewys dat Dit reg is. Vir my, het dit my nooit een ding vertel, behalwe wat presies volgens hierdie Skrif is nie.

296 Toe, ek het daardie Vuur gesien en Dit gehoor, en het almal sien skree, flou word, en val, daar kyk, en na daardie Lig kyk. Die koerant, die Louisville koerant, het 'n groot artikel gehad. Dit het gegaan na Verenigde Pers, regdeur Kanada, oral: "Geheimsinnige Lig verskyn bo 'n plaaslike Baptiste prediker tydens doop." *Geheimsinnig*: "moeilik om te begryp." Hoeveel keer het hulle Dit afgeneem? Omtrent elke persoon hierbinne, reken ek, het dit in julle huis. Dis daar in Washington, DC, met kopiereg as "die enigste bonatuurlike Wese wat ooit gefotografeer, wetenskaplik gefotografeer is."

297 Wat was Dit? Daardie selfde Lig, daardie selfde Stem, het gespreek en gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Dis dieselfde Stem. Vir my, is Dit dieselfde Vuurkolom wat destyds daar was, omdat Dit dieselfde werke doen. Jesus het gesê: "Ek kom van God af en Ek gaan na God toe. 'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie." Hy het gekom. Hy het gesê, toe Hy hier op aarde was, by die fees, het Hy gesê: "EK IS DIE EK IS." Julle sê . . .

298 "Wel, Jy is nie ouer as vyftig nie, maar, Jy het gesê, Jy sê Jy 'het Abraham gesien'?"

Hy het gesê: "Voor Abraham was IS EK."

299 Daar was Hy. Wat was Dit? Daardie Lig, daardie Vuur, daardie God, daardie Gees. God is 'n verterende Vuur. Hy is 'n Lig. En daar was Dit, in, gemanifesteer in Jesus Christus. Dit het teruggekeer toe Jesus opgestaan het uit die graf.

300 Maar op die dag wat Hy Paulus ontmoet het, oppad na Damaskus, het Hy weer teruggekeer na God, want Hy het gesê: "Ek is Jesus, vir Wie jy vervolg."

301 Broers, moenie slaap nie. Sien julle nie dat daardie selfde God net nou onder ons is, besig om Homself te bewys, dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid nie? Dis my Absoluut.

302 Hy het my nooit een ding gesê . . . As Hy my een ding gesê het wat teenstrydig met hierdie Skrif was . . .

303 Ek het nog nooit enigiemand voor my laat staan en Dit bevraagteken nie. Kêrel het gesê hy sou, eenkeer, en hy het dit nie gedoen nie. Hy het nie opgedaag nie. Hy het meer verstand gehad as wat ek gedink het hy het. Hy weet beter as om dit te

doen. Julle weet, die kêrel wat eenkeer opgestaan het in ’n diens, om dit te doen, is verlam. Hulle het hom uitgedra.

304 Ek hoef my nooit oor enigiets te bekommer het nie, want ek glo my Absoluut is die Woord van God. Dit is gemanifesteer. Hierop sal ek my siel en liggaam sit. Hoekom? Hy het my nog nooit een ding gesê wat nie absoluut Skriftuurlik was nie. Hy het nog nooit een ding vir my gesê, voor enige van julle . . . Ek sal enige van julle uitdaag. Het Hy julle al ooit enigiets in die Naam van die Here gesê wat nie gebeur het nie? Dis presies.

305 Wat is dit? Dis: “Op hierdie rots,” op hierdie Woord. Dis die Een waar ek die openbaring kry. Dis van Hom Wie Dit openbaar. Ek’s ongeleerd. Ek probeer nie studeer, probeer Dit nie ken nie. Ek doen net soos Hy my sê. Dan, wanneer Hy my wys, kyk ek *hier*, en daar is Dit. Ek het Dit nie eers gesien nie, en *hier* is Dit, en Dit manifesteer Ditself. Dis my Absoluut. Dit het my gehou deur al hierdie jare. Broers, Dit het my gehelp toe ek geen ander manier gehad het om gehelp te word nie.

306 Ek wil Daarvolgens sterf. Wanneer ek by die tyd kom om te sterf, hoop ek, soos Moses, dat ek daardie Rots daar oorkant sal sien staan. Ek wil daarop klim, en ’n paar draers kry om my weg te dra.

307 Tot dan, gaan ek getrou aan daardie Woord lewe, so help my, God, want dis my Absoluut, met haat teenoor niemand, met liefde en genade teenoor almal. As dit nie reg is nie, kan God my dood neerslaan terwyl ek hier op hierdie preekstoel staan. Ek haat niemand. Ek het almal lief.

308 En weet julle nie, het julle ooit Een Johannes 4:17 gelees, dat jy teregwysing soos daardie moet hê, om werklike liefde by die oordeelstyd te hê? Dis nie om anders te wees nie. Dis liefde. Liefde is streng, en liefde tugtig.

309 ’n Man, wat sy vrou sal laat uitgaan en heelnag rondloop met een of ander dronklap, inkom, volgende oggend, sê: “Ja, skattie, ek hoop jy het ’n lekker tyd gehad,” jy’s ’n swak verskoning vir ’n man. Enige man wat sy vrou daar sal laat uitgaan en kortbroek dra, en hierdie swembroeke, bikini’s, of wat dit ook al is, tussen hierdie mense laat lê, ek het min hoop vir jou dat jy eers ’n man is. Dis reg.

310 Man word nie gemeet aan hoe groot sy biseps is, hoe groot sy spiere is nie. Hy word gemeet aan sy karakter. Dis presies reg. En karakter kom van die Woord van God af, en dit alleen.

311 En enige prediker wat aanspraak maak om ’n prediker te wees, daardie Woord ontken, dis min karakter van God daar, vir my. Amen. Miskien bietjie hoop as hy ’n rukkie sal luister. Ja. Nou, ek wil nie weer krities raak nie. Sien? Ek is lief vir julle, en ek bedoel dit.

312 Maar Dis my Absoluut, broers, hierdie Woord, SO SPREEK DIE HERE. En julle weet dis waar.

313 Ek het rondgekyk vir Broer Carlson, om te kyk of hy nog hier gesit het. Ek reken hy's weg. [Iemand sê: "Henry?"] Ja. Hy het hier gepraat, 'n rukkie gelede.

314 Hy was net daar in Chicago toe daardie groep van die Groter Chicago Predikersvereniging, wel, twee of drie dae, my daar sou intrek en my oor die kole haal, ja, oor party dinge wat ek geleer het Hieroor en oor hierdie dinge. En drie aande voor dit gebeur het, het die Heilige Gees my wakker gemaak en gesê: "Gaan soontoe en staan by daardie venster." Ek het gegaan, en daar het 'n weerlig geflits. Hy het gesê: "Hulle het 'n strik gestel vir jou, maar moenie wegbly nie. Ek sal met jou wees."

315 Ek het Broer Carlson geneem, Broer Tommy Hicks. Almal van julle ken hom. Ons het die bandopname daarvan net hier. En hulle wou hê ek moet die volgende oggend gaan, om ontbyt saam met hulle te eet. En het afgegaan na die Town en Country, en ons het daar gaan sit. Ek het gedink ek sal net vir Tommy kam. Hy's 'n goeie vriend van my, kosbare broer. Ek het gesê: "Tommy, ek moet daardie predikers ontmoet." Ek het gesê: "Jy's 'n Doktor van Godsgeleerdheid. My ou onkundige maniertjies van praat," ek het gesê: "ek kan nie daardie kêrels ontmoet nie. Sal jy nie dit vir my doen nie? Ek het al baie gunste vir jou gedoen."

Gesê: "O, ek kan nie dit doen nie, Broer Branham."

316 En Broer Carlson, hulle, het na mekaar gekyk. Ek het gesê: "Jy dink jy kan dit vir my wegsteek? Ek weet hoekom jy dit nie wil doen nie." Ek het gesê: "Luister. Dis omdat daardie Vereniging iets het waaroor hulle my gaan ondervra." En hulle het altwee gelyk of hulle deur die vloer kan val.

317 En toe hulle het, het ek gesê: "Dit is, beslis. Maar, laat ek vir jou vertel, Broer Hank."

318 Hy sit nou hier iewers. Hy is net hierrond. ['n Broer bevestig dit—Red.] En so sit hy net hier. Ek het gesê: "Broer Hank . . ." Laat julle hom getuig. [Nog 'n broer bevestig dit.] En so het ons net klaar daaroor gepraat, 'n rukkie gelede, daarbinne.

319 Ek het gesê: "Broer Hank, luister. Jy het daardie Hotelkamer gehuur, nie waar nie? Maar SO SPREEK DIE HERE, hulle gaan jou wegwys."

Hy het gesê: "Broer Branham, het my deposito."

320 "Ek gee nie om wat jy het nie. Jy gaan dit nie kry nie. Ons gaan in 'n plek in . . . Dit het 'n groen kamer, en *hierdie* is 'n bruine. En Dr. Meade gaan hieronder sit, en *so-en-so*," en net presies waar hulle sal sit. En ek het gesê: "Ek wil nie hê jy moet enigsins vir my opkom nie. Stel my net voor aan die gehoor, en laat ek die res doen." Hy het gesê . . .

321 En daardie oggend, toe hy daar opgekom het, elke man wat net presies so gesit het. Hulle het die plek gekanselleer. En hy moes die Town en Country plek daarbuite kry, om—om die plek te kry, 'n bruin kamer, net presies. Daar het Dr. Meade en die res van hulle gesit, net die plek wat hulle . . .

322 Ek het na hom gekyk, en Broer Tommy Hicks het vir my gekyk. Hy—hy—hy—hy het gesê: "Broer Branham, ek voel om flou te word." En hy het gesê . . .

Ek het gesê: "Moenie bekommerd wees nie."

323 En so het Broer Carlson opgestaan, gesê: "Nou, ek weet baie van julle manne gaan met Broer Branham verskil, en sulke dinge," maar gesê: "daar's een ding, hy's nie bang om hier te staan nie." En gesê: "Nou, sal ek dit net oorgee aan hom."

324 Ek het gesê: "Nou, elkeen van julle, hier is wat julle teen my het." En ek het, vier of vyf verskillende dinge opgenoem. Ek het gesê: "Ek wil hê 'n man moet sy Bybel neem en hiernatoe kom, langs my staan en Dit verkeerd bewys. Sekerlik. En as julle dit nie kan doen nie, los my dan uit." Uh-huh. Dis reg. Ja, meneer. Ja, meneer. Uh-huh! Dis reg. [Gemeente gee applous—Red.]

325 Ek het oorkant in Bombaai, Indië, gestaan, oor dieselfde ding, toe 'n blinde man daar gestaan het. Daardie magiërs en alles wat daarbuite gesit het, en hulle, die heilige manne, en die Mohammedane, en Boeddiste, alles. Ek het klaar die visioen gesien dat hierdie man sy sig sou kry. Ek het gesê: "Laat ons, een van julle mense daarbuite, hier opkom en vir hom sy sig gee. Ek is vandag ontvang deur sewentien verskillende godsdienste, en elkeen van julle wat Jesus Christus ontken." Ek het gesê: "As julle godsdiens so wonderlik is, kom, gee aan hierdie man sy sig."

326 Wat sou julle sê? Hy was 'n son-aanbidder. Soos, die Heilige Gees, maar hulle het gedink Dis "telepatie," julle sien, en ek het "hulle gedagtes gelees."

327 Ek het gesê: "Wel, sekerlik sal die God van die skepping, as 'n man wil doen wat reg is, sekerlik sal die God van die skepping hom terugbring na sy regte toestand."

328 Ek sou dit nie gesê het op enige manier, as ek dit nie in 'n visioen sien gebeur het nie. Maar, ek het geweet, toe. Sien? Jy wil nie iets neem wat jy verbeel nie. Jy wil doodseker wees dat jy reg is, dan gee jy nie om wat kom of gaan nie. Hy staan daar saam met jou, en so watter verskil maak dit? Daar, julle weet wat gebeur het, en die blinde man het sy sig ontvang.

329 Omtrent twee of drie maande gelede, het ek in die kamer gestaan. Ek het 'n stem in die hoek hoor praat. Ek het my vrou probeer wakker maak, om daarna te kyk daar. Daar, dit het vooruit gegaan daar, was 'n vreeslike ding wat daar langs die bed gestaan het, wat my aangekla het. Na Hy my vertel het . . . Ek het 'n groot mamba sien hardloop. Dis 'n Afrika-slang, en hy

het mense probeer doodmaak, en was agter my broer aan. En ek het uitgeroep: "O God, wat kan ek doen?"

330 Hy het gesê: "Jy is mag gegee om hom te bind." Gesê: "Hou goeie moed."

331 Ek het met hom gepraat. En sy stert het in die lug opgegaan, en hy het omgedraai, en, net soos 'n bekerhandvatsel hier, en homself versmoor. Blou rook het uit hom uitgetrek.

332 Volgende oggend, toe ek wakker word, het ek daar gelê. Ek het gesê: "Ek beter opstaan en die kinders skool toe vat." Ek het oorkant toe gekyk, en daar was hierdie vreeslike ding. Gelyk asof dit Alley Oop in die strokieskoerant was, yslike groot horings wat uitsteek. Hy het gegaan, geklink soos 'n hen wat kekkel, of—of sing, soos hulle uit die skuur uitgaan. Ek het daarna gekyk.

Ek het gesê: "Meda, Meda, skat." En sy het nie wakker geword nie.

333 Ek het gedink: "Ja, dit sou haar doodbang maak." Ek het net 'n oomblik daar gewag, en gestaan en dophou.

334 Mense wat van duiwels praat, en weet nie eers wat hulle is, partymaal nie. Dis reg. Maar jy hardloop net, elke dag, in hulle vas, miskien, maar jy sal. Let op.

335 En naderhand, het hy my beskuldig. Gesê: "Jy het geen krag by God nie. Jy's net 'n bluf. Jy het geen krag nie."

336 Ek het gesê: "Satan, jy is aanstootlik vir my. Kom uit my pad uit, in die Naam van Jesus Christus." En hy het weggegaan.

337 Ek het 'n tydjie daar gelê, in die bed. Begin opstaan, ek het 'n baie liefdevolle gevoel oor my voel kom. Ek het gedink: "Wonder of die Heilige Gees nou naby is?" En oorkant in die hoek . . . So help my, hier is my Bybel oor my hart. Die soetste Stem wat ek ooit in my lewe gehoor het, het gesê: "Moenie bang wees om enige plek heen te gaan nie, en moenie bang wees om enigiets te doen nie, want die nimmereindigende Teenwoordigheid van Jesus Christus is met jou waar jy ook al gaan."

338 Dit het dit afgehandel, vir my. Laat hulle tekere gaan. Ek het 'n Absoluut. My anker hou vas daar oorkant, want dis die Woord van die lewende God. Amen. Ja.

Glo julle Hom? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik.

339 As jy nie nou daardie Absoluut het nie, kry Dit. As jy graag daardie Absoluut wil hê, daardie versekering in jou hart van die Heilige Gees, steek op jou hand, sê: "Ek wil iets hê wat die Woord van God sal beklemtoon, en ek die Woord van God kan sien manifesteer word." Amen. God seën julle. Dis oraloor die gebou. Dankie.

340 Ek vertel jou net die Waarheid, vriend. Moenie dat Dit by jou verbygaan nie. En maak nie aanspraak . . . Ek's niks. Ek's julle

broer. Julle moenie enige aandag gee aan 'n boodskapper nie. Hou julle die Boodskap dop. Moenie die boodskapper dophou nie. God sal dit wegneem van julle. Hy sal Sy Glorie met niemand deel nie. Dis reg. Julle moenie die boodskapper dophou nie. Hou die Boodskap dop.

341 As 'n man hier inhardloop, hy mag swart, geel, bruin, gehawend wees, as hy 'n tjek vir jou het vir 'n banknota vir 'n miljoen dollar, sou jy nie omgee watter kleur hy was of hoe hy aangetrek was nie. Dis die boodskap wat hy vir jou het.

342 Nou, moenie na my taal en—en die dinge kyk nie. Onthou julle net dat ek julle vertel van Jesus Christus Wie nou hier is. Glo jy Hom met jou hele hart. Maak seker julle glo Hom.

343 Ek hou nou dop om te kyk wat Hy vir my gaan sê. Hou net julle hoofde gebuig en begin bid. Hê net geloof. Moenie twyfel nie.

344 Nou, Hemelse Vader, is dit alles in U hande. Ek bid, Hemelse Vader, net nou, dat mans en vroue, hierbinne, mag besef dat hierdie nie 'n maklike ding is om te doen, as 'n sterfling wat onder mense lewe, saam met mense lewe nie. Ek bid, Hemelse Vader, dat hulle dit sal verstaan en weet dat U dienskneg probeer—probeer praat van U. En ek het gevind dat U U Woord hou, Here. Ek het gevind dat dit waar is. Ek vind dat U en U Woord dieselfde is.

345 En U het my sover veilig gedra, Vader. As . . . Daardie Engel Wie die mense gesien het, en Sy Lig gesien het, Dis in 'n Vuurkolom. Here, met my hele hart glo ek Dis ons Here Jesus. Ek glo Dis Sy Gees, die Heilige Gees, wat ons almal aanbid en in glo.

346 God, mag ons nou seker maak om Dit te herken, en mag ons verstaan en terugkom. En mag die kerk homself skoonmaak. Mag elke denominasie. Vader, ek bid nie dat U daardie denominasies sal opbreek nie. Maar ek bid dat die Heilige Gees in daardie nominasies sal ingaan, en hulle sal wees dat hulle dinge anders sal sien, dat hulle almal een sal word, 'n broederskap. Skenk dit.

347 Ek dank U vir hulle goeie samewerking, Here. As dit nie U hierin was nie, sou daar niemand gewees het wat my laat inkom het nie. Maar, U, U het my guns by hierdie predikers laat vind. Ek bid dat U hulle sal seën, Here. Ek bid vir hulle, veral, vir elkeen.

348 Ek bid vir Broer Williams. Here, gee vir hom die begeerte van sy hart. O, ek bid dat U hom sal help, vir hom en Suster Williams, en—en hulle begeertes. Broer Shakarian, Suster Shakarian, al hierdie bestuurders hier, van hierdie groep van leke wat U uitgeroep het, in hierdie laaste dae, om 'n boodskap te bring om broers te verenig, Here, mag hulle nooit 'n denominasie word nie. Mag hulle vry bly van al daardie dinge, en hulle arms uitstrek en alle broers inneem wat gebore is uit die Gees. Skenk dit.

349 Seën al die groepe. Seën die Eenheid, en die—en die . . . al die verskillende groepies, Here, wat hulle verskillende idees het, die—die Drie-eniges, en diegene wat glo God is twee, en God is drie. En God is . . . O, wat hulle ook al glo, God, laat hulle weet dat daar een ware God is, Jesus Christus is Sy Seun. En skenk dit, Here, dat hulle in staat sal wees om hierdie dinge te verstaan, dat ons nie vier of vyf Gode het nie. Ons het een God in—in drie ampte; dieselfde God, in Vader, Seun, en Heilige Gees. Mag hulle . . . Mag hulle vandag die openbaring ontvang, Here.

350 Mag hierdie stryery ophou. En mag mans en vroue in staat wees om te assosieer, en een in Christus wees, want die ure is nou te laat vir hierdie argumente en dingetjies.

351 Ek glo U. En ek glo, Vader, dat almal wat U voorbestem het om na die Lewe toe te kom, U Stem sal hoor en sal kom. "My skape sal My Stem hoor." En ek glo dat U dit sal skenk, Here. Seën hulle nou.

352 Daar is baie hande hierbinne, waar omtrent tweehonderd hande in die lug was, wat U as hulle Verlosser wou aanvaar, en U wou aanvaar as—as hulle—hulle—hulle Absoluut, iets waarop hulle hulle geloof kon plaas, dat hulle hart elke Woord sou beklemtoon en dit sou laat manifesteer. Skenk dit, Vader. In die Naam van Jesus Christus, vra ek dit.

353 Nou, terwyl julle hier bymekaar is en in hierdie groepie, wil ek hê julle moet bid. En ek het dit nog nooit gedoen nie, maar ek voel gelei om dit te doen. Bly net in gebed.

354 En hoeveel van julle mense hierbinne wat my ken? En julle is siek of het behoefte, vir julleself of iemand, steek julle hande op. Dat julle my ken, en weet dat julle my ken, steek julle hande op, oral. Sien? Dit lyk net of dit oral is. Nou, laat julle julle hande sak.

355 Nou, diegene wat julle weet julle my nie ken nie, en ek julle nie ken nie, steek julle hande op. O, steeds, oral, geen manier om hulle te onderskei nie.

356 Nou wil ek hê julle moet bid, opreg bid. Moet nou nie twyfel nie. Bid net. En kom ons laat die Heilige Gees . . .

357 Nou, as ek hierdie dinge gesê het, nou, julle weet baie goed dat dit heeltemal onmoontlik is vir my om te weet wie julle is, wat julle is, of wat ook al daarvan, wat verkeerd is met julle. Maar wat gebeur? Het Jesus nie hierdie selfde ding in die laaste dag belowe nie? Het Hy nie daar gesê, toe Hy gesê het: "Soos dit was in die dae van Sodom," nie?

358 Toe God gemanifesteer was in die vlees, het daardie Man daar gekom, net 'n Man, wat die vleis van 'n koei of 'n kalf geëet het, melk gedink het, en brood. En Hy het gesê: "Waar is Sara?"

Gesê: "Sy is in die tent, agter U."

359 En Hy het gesê wat Hy sou doen. Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek." Abraham het Hom *Elohim*, Here God, genoem. En Hy het gesê . . .

Sara het by haarself gelag.

360 En Hy het gesê: "Hoekom het Sara gelag?" Met Sy rug gedraai na die tent.

Jesus het gesê: "Soos dit was . . . "

361 Julle sien, daar was die natuurlike kerk, die natuurlike kerk, wat Lot en sy groep was. Hulle het 'n moderne Billy Graham gehad wat soontoe gegaan het, en—ensovoorts, en 'n Oral Roberts en hulle, wat hulle uitgeroep het. Hulle het 'n wonderwerk gedoen, insoverre, om te verblind. Hulle het die Evangelie verkondig.

362 En daar was die Sodomiete. Daar is altyd drie groepe mense. Die Sodomiete, julle sien wat hulle gedoen het.

363 Maar die uitverkorenes, die pinkster, sogenaamd, dit was Abraham, wat alreeds buite Egipte is, alreeds buite Sodom, wat bo in die lande sit, in die arm lande. Sien watter soort Boodskap hulle het?

364 Nou kyk, vandag, wanneer was daar ooit 'n tyd? Sê my wanneer 'n tyd ooit na Sodom toe gegaan het.

365 Onthou, dit was Abraham, A-b-e-r-h-a-m, of A-b-r-a-h-a-m, liewer.

366 Wanneer was daar al ooit 'n boodskapper wat ooit na die plaaslike denominasionele kerke toe gegaan het met 'n man wat sy naam geëindig het in h-a-m, G-r-a-h-a-m?

367 Wat van na die pinkstergroep? Dit is nooit bekend in die geskiedenis nie. Ek het net onlangs daardeur gekom, name nagegaan.

Julle sê: "Name beteken niks nie."

368 Hoekom is Saul se naam dan verander na Paulus? Hoekom is Simon na Petrus? Hoekom is Jakob na Israel? Dit is beslis.

369 Hê geloof in God. Moenie die ding miskyk wat God julle wil gee nie. Bid nou. Sê: "Here Jesus, wees genadig."

370 As ek dit nie mis het nie, terwyl julle julle hoofde gebuig het, ek kyk hier oorkant. Ek dink dis Suster Carl Williams wat hier oorkant sit aan my regterkant. Is dit reg, Mev. Williams? Ek . . . Hier oorkant, Suster Carl Williams? Dit het gelyk na haar wat daar oorkant aan my regterkant sit. Ek was nie seker nie. Het ek dit duidelik gemaak? Ek reken dit was nie.

Ek probeer iemand sien wat ek ken.

371 Kyk rond, ek sien Broer en Suster Dauch wat hier sit, maar hulle is van die kerk.

372 Is dit Mev. Outlaw hier oorkant aan my linkerkant? Dis wie ek gedink het julle almal was, wat daar gestaan het. Mev. Outlaw, ek ken jou. Jy is iemand wat ek ken. Ek wil jou iets vra. Kyk jy reguit na my. Glo jy dat ek God se dienskneg is? Glo jy dat hierdie dinge, wat ek onderrig, die Waarheid is? Nou, Mev. Outlaw, ek het nie met jou gepraat waarvan ek weet, vir meer as 'n jaar, vandat ek vantevore hier was nie. Nee, ek dink ek het nou die dag vir jou gewaai, in die restourant.

373 Kyk nou hier na my toe. Maar jy het 'n las op jou hart, nie soveel vir jouself nie, maar vir iemand anders. Dis 'n jong vrou. Dis jou skoondogter. Glo jy dat God in staat is om my te vertel wat verkeerd is met daardie skoondogter? Sy het soort van 'n sinusprobleem, en ook het sy 'n senuweeagtigheid, baie, baie senuweeagtig. Goed. Moenie—moenie bekommerd wees nie. Dit gaan haar verlaat. Sy het dit net toe gevoel, terwyl sy hier gesit het. Ja. Dit gaan haar verlaat.

374 Hê net geloof. Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."]

375 Hier is 'n dame wat net hier reg voor my sit, totale vreemdeling. Maar kan julle nie daardie Lig bokant haar sien hang nie? Sy ly aan 'n swakheid in haar liggaam. Sy, sy is nie van hier nie. Sy is van Kalifornië. Ek's 'n totale vreemdeling vir die vrou, maar sy weet ek praat nou met haar. Sien julle daardie Lig wat oor haar hang? Ek's. . . Ek ken haar nie, haar nog nooit gesien nie. Maar haar naam is Mev. Elliott. As jy sal glo met jou hele hart, kan jy huis toe gaan, en gesond gemaak word. Glo julle dit? Goed. Nou, as ek 'n vreemdeling en alles is, wuif jou hand, ook, soos *daardie*. Sien? Steek jou hand op, en glo met jou hele hart, sien of dit alles reg is. Hê geloof.

376 Hier is 'n dame wat reg voor haar sit, reg langsaan, moet haar man wees. Sy sit ook daar, en sy het 'n probleem met haar spiere. Hulle het spasmas daarin. Dit is reg. Ja, mevrou. Mev. Darwich, as jy sal glo met jou hele hart! Glo jy? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Daar het jy dit. Ek ken jou nie, nog nooit jou naam geken of niks daarvan nie, maar dis waar. Is dit nie? En jy het daar gesit en gesê: "Here, laat dit ek wees." Sien? As dit reg is, wuif jou hand heen-en-weer, soos *hierdie*. Wuif jou hand as dit reg is. Goed.

377 Daar het julle dit. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Hemelse Vader weet daardie dinge is waar. Dis reg. Wat is dit? Dis Jesus Christus. Wat doen dit? Dis presies wat Hy gesê het dit sou doen in die laaste dae.

378 Nou, as dit reg is, en God wat dit doen, wat wys dat dit reg is, dan is die Woord wat ek preek, ook reg, want dis dieselfde God wat Sy Woord hou. Glo in die Here.

379 Draai om van julle louwarm weë. Kom weg van hierdie dinge wat julle uitsleep, soos Hollywood, hierdie dinge wat julle sleep soos die res van die kerke. Keer terug na God, en kry 'n absoluut wat die anker van jou hart sal vashou.

380 Hoeveel sal graag daardie ondervinding met Christus wil hê? Staan op julle voete net hier in Sy Teenwoordigheid, waar julle weet Hy's hier. God seën jou. God seën jou. Nou, dis goed. Nou, dit is wonderlik. O, goeiste! Ek weet nie wat om te sê nie.

381 As elkeen van julle hier daardie Boodskap sal aanvaar, dat Jesus Christus net hier by ons is! "'n Klein tydjie en die wêreld, ongelowiges, sien My nie meer nie. Tog, sal julle My sien. Ek sal met julle wees, selfs in julle. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, julle sien Hom werk, presies wat Hy belowe het.

382 Nou, Hy's hier. Die enigste ding wat julle moet doen, is net nie . . . Lê net jouself neer en sê: "Here Jesus, ek neem my nou voor in my hart, van hierdie uur af aan, is ek U s'n, en U is myne. En ek wil hierdie ondervinding in my hart hê, dat ek U Woord kan spreek, U Woord sal lewe. En wat ek vra, dit glo ek sal gedoen word." Wil julle dit hê? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

383 Kom ons steek dan ons hande op na God en bid, elkeen van ons nou, almal. En dan wil ek hê julle moet een hand opsteek, en 'n hand op iemand langs julle sit. Reg. Dis reg.

Sakemanne, God seën julle, wees met julle!

*'n Absoluut* AFR63-0127
(An Absolute)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 27 Januarie 1963, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale konvensie by die Ramada Inn in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org